Uitgegee vanwee die
Algemene Vergadering
van die
Nederduitsch
Hervormde Kerk
van Afrika

1976 ALMANAK

EN BYBELSE DAGBOEK

PRYS: R1.00

70ste JAARGANG

ALEX PIRIE & SONS AFRICA (PTY.) LTD.

Met Komplimente

A Wiggins Teape Company

●

TAKKE:

DURBAN, KAAPSTAD, OOS-LONDON,
PORT ELIZABETH, PRETORIA, BLOEMFONTEIN,
WINDHOEK.

ALMANAK
EN BYBELSE DAGBOEK

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1976

REDAKSIE:

Hoofredakteur
Prof. dr. P. S. Dreyer
Ds. S. E. Young
Ds. J. H. v. Staden

Redakteur vir Statistiek
Mnr. A. B. van N. Herbst

Kompilator Kerklike Publikasies en Beriggewing
Ds. P. M. Smith

70ste JAARGANG

Gedruk deur die N.H.W.-Pers, Hercules, Pretoria.



KLANKTOERUSTING

Vir al u akoestiese probleme nader:

SPECTRO ELEKTRONIKA (EDMS.) BPK.

Posbus 230 - Silverton 0127 - Tel. 86-6473

KOLOMLUIDSPREKERS — MOEDERKAMER-LUIDSPREKERS — GEHOORTOESTELLE

Bogenoemde toerusting word spesiaal van hout vervaardig om aan te pas by kerkmeubels.

MIKROFONE — VERSTERKERS

Durban 72-3955 | **Bloemfontein** 7-4969 | **Pretoria** 86-6473

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord 5

Twee Redakteurs 6

Opgeskrywe as 'n waarskuwing — ds. W. F. H. Huysers 7

Die huidige kerklike toestand in Nederland en Europa — 'n hermeneutiese probleem — dr. T. F. J. Dreyer 10

Kerstening en gemeentevorming buite volksverband — prof. dr. R. D. Coertze 15

Ouerseggenskap in ons onderwys. 'n Historiese oorsig — dr. J. L. van Staden 21

Die kerklike bearbeiding van gevangenes — dr. L. M. le Roux 26

Kommunisme in Afrika — dr. C. J. Viljoen 32

Kommandant Willem Adriaan Venter. Boereheld in die vreemde — mnr. A. B. v. N. Herbst 41

Kom en gaan 44

Ds. S. J. Strydom 44

Prof. dr. J. A. J. H. Greyvenstein 44

Ds. S. Vermooten 45

Dr. H. D. van Broekhuizen 45

Ds. T. F. J. Dreyer — dr. A. J. G. Dreyer 46

Ds. P. J. J. Venter — ds. P. M. Smith 48

Cornelis Egges Mulder — dr. H. M. Rex 50

Lodewicus T. Steyn — ds. S. E. Young 53

Ouderling H. O. Collins — dr. C. J. Viljoen 55

Ouderling C. L. v.d. Merwe — dr. C. J. Viljoen 57

Ouderling S. A. van Emmenis — ds. C. L. v.d. Berg 59

Kalenders 64

Statistiese gegewens 81

Bybelse Dagboek ..... na 200



PYPORRELS:
Gebou in Suid-Afrika wat u kerk eer aandoen.

LUIKLOKKE:
Van die beroemde fabriek, Petit en Fritsen, Holland.

UURWERKE:
Vir Kerktorings, Stadsale, Skole, ens.

LUIDSPREKERSTELSELS:
Gehoortoestelle vir hardhorendes, kerkmeubels, en aanverwante dienste.

SUID-AFRIKAANSE ORRELBOUERS

(EDMS.) BPK.

POSBUS 200 —— PRETORIASTRAAT 157 —— SILVERTON
TELEGRAMME: „DIAPASON" — TEL.: 86-4844/5/6 - 86-4305
Kaapstad 77-8687 — Bloemfontein 7-4969 — Durban 72-3955
Potchefstroom 7381 — Johannesburg 830-5108

VOORWOORD

Dit is met weemoed en hartseer dat vir die Kerk hiermee 'n voorwoord aangebied word deur iemand anders as ds. T. F. J. Dreyer (snr.). Hy was soveel jare lank die redakteur van die ALMANAK dat hierdie publikasie van ons Kerk sonder hom byna ondenkbaar geword het. Dit is een van die terreine waarop hy die Kerk vir meer as 'n halfeeu getrou gedien het en een van die dienste wat hy gelewer het dwarsdeur die tyd van sy siekte tot aan die einde toe. Saam met die hele Kerk wil die redaksie aan hom hulde bring. Mag sy arbeid in veelvoud vrugte dra tot in lengte van dae, sodat die geslagte wat kom altyd met dankbaarheid na hom sal terugkyk.

Op die 6de Junie 1975 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit dat ondergetekende die werk van ds. Dreyer as redakteur van die ALMANAK moet oorneem. Hierdie vererende opdrag word aanvaar in 'n besef van onervarenheid in hierdie opsig, maar met die vaste vertroue dat die tyd die nodige insig sal bring en dat die hulp van die res van die redaksie die voorspoedige voortsetting van die werk in die toekoms moontlik sal maak. Deur hierdie laat aanstelling is die 70ste Jaargang van die ALMANAK wat hiermee aan die Kerk aangebied word, geheel en al die werk van die redaksie soos dit onder die vorige redakteur gefunksioneer het.

Ook hierdie 70ste Jaargang gee die Kerk 'n rykdom van leesstof wat wissel van 'n verskeidenheid van artikels tot by die Bybelse Dagboek. Die redaksie vertrou dat dit nie net interessante leesstof vir ons lidmate sal wees nie, maar ook sal dien tot opbou van ons geloof en ons daaglikse lewe van dankbaarheid. Verder bied die ALMANAK die gewone statistiese gegewens, besonderhede aangaande gemeentes en predikante en die bekende historiese almanak. Al hierdie dinge is in die kleine 'n samevattende beeld van die Kerk wat nie net aan die gemeentelede nie, maar aan iedereen voorgelê word, sodat elkeen wat dit verlang, kan sien hoe die Kerk daar uitsien. Mag hierdie 70ste jaargang net so goed deur die Kerk ontvang word soos die vorige jaargange!

P. S. Dreyer
Hoofredakteur.

9 Junie 1975.

TWEE REDAKTEURS

Ds. T. F. J. Dreyer het in 1924 predikant geword en reeds vanaf 1926 verskyn sy naam as lid van die redaksie van die Almanak.

Hoofredakteur ds. Jac. van Belkum en redakteure dr. S. P. Engelbrecht, ds. J. J. Kühn, ds. H. P. Wolmarans en ds. T. F. J. Dreyer. Verder het hy gedien onder die hoofredakteurskap van ds. J. G. M. Dreyer en prof. dr. S. P. Engelbrecht. Nadat hy vir 'n tyd nie in die redaksie gedien het nie, het hy in 1965 as hoofredakteur by ds. D. F. Erasmus (sr.) oorgeneem tot sy dood in 1975. Hierdie uitgawe van die Almanak is nog onder sy voorsitterskap beplan — in sy huis terwyl hy al baie siek was.

Na die dood van ds. T. F. J. Dreyer op 10 Mei 1975 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 6 Junie 1975 'n opvolger benoem in die persoon van prof. dr. P. S. Dreyer. In hierdie uitgawe het hy in die sin saamgewerk dat hy die voorwoord geskryf het en die artikels inhoudelik bekyk het.

Die vertroue is dat onder sy leiding hierdie deel van die kerk se arbeid waardig voortgesit en tot nuwe hoogtes gevoer sal word.

Opgeskrywe as 'n waarskuwing

Deur DS. W. F. H. HUYZERS

Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.

I Kor. 10:11

Dit is ons geloofsoortuiging en die aanvangstelling van hierdie oordenking: God is Skepper.

Hy is Skepper van die mens, hoe ons ookal sy groei en ontwikkeling deur die wetenskap probeer verklaar. God het die een mens in verhouding tot die ander gemaak in verskeidenheid en diversiteit soos die blare van 'n boom waarvan die een weer anders is as die ander. Hy het die mens verstand en denkvermoë gegee waarmee hy kan beplan en tot wilshandeling kan raak. Die mens is ook in staat om dinge te beoordeel, hom by een reeks van omstandighede aan te pas en 'n ander reeks tot eie doeleindes te verander of te rig. Beoordeling en aanpassingsvermoë verskil van mens tot mens en van een geslag tot 'n ander geslag.

God is ook skepper van tyd. Gods tyd is nie 'n storelose voortgang deur die aeone nie, maar elke tydsgewrig en elke periode is 'n nuwe skepping. So is daar ook 'n diversiteit van inhoud en spanning van die tyd. God is besig met skeppingswerk in die tyd, daarom is Gods tyd ook onderwerp aan skepping en herskepping. Die tyd is telkens weer nuut soos God ook besig is aan die skepping van 'n nuwe mens of anders gestel: aan die herskepping van die oue.

Elke tydvak staan daarom in onmiddellike verhouding tot God. Elke brokstuk van die geskiedenis is weer anders as die voorgaande, weer anders as die wat volg. Die gangbare wysheid dat die geskiedenis hom herhaal, lê vlak en is aan erosie onderwerp.

Elke tydsgewrig bring mee 'n eie besondere werkvlak en 'n eiesoortige diepte-ruim. Die mens wat homself medearbeider van God wil noem, sal binne hierdie verandering van vergesigte moet optree en oordeel. Die lewenspatroon wat die mens vir hom uitwerk is in elke periode weer anders. Die ou spreuk is waar: elke tyd het genoeg aan sy eie kwaad. Die positiewe teendeel is ook waar: elke tyd het genoeg

aan sy eie goed. Ons moet derhalwe die historiese tydvakke nie teenoor mekaar uitspeel nie. Dis moeilik genoeg om prestasies en ontwikkeling van die periodes na reg te beoordeel en te waardeer.

Baie van ons ouer mense probeer die jong mense oortuig dat die wêreld van hulle jeugtyd beter was as die van ons tyd. Ouer mense is geneig om dinge van vergange se dae te idealiseer en dit as paradyswerklikheid aan te bied. Die ouer geslag oorskat dikwels die waarde van die vorige periode en is daarom nie in staat om die jeug te oortuig nie.

Teenoor die idealiste van 'n vergange tyd hoor 'n mens die wekroep van die jeug wat die nuwe aanprys en in vervoering raak oor dit wat die moderne tyd aanbied. Hulle juig by die aftakeling van die oue en raak in hoogspanning oor die nuwe wat gebeur en oor wat nog moet gebeur. Gevaar is hier weer dat die jongere generasie die hede oorskat en met woord en daad onrus en verwarring skep onder hulle wat in vermeende beproefde norme en tradisies bestendigheid glo te besit. As ons glo dat dit nie toevallig is dat God ons tot die lewe geroep het en dat die tyd nie aan 'n noodlotswispeltuur uitgelewer is nie, moet die mens die eiesoortige van sy tyd leer verstaan. Dit sal vir elkeen gerade wees om sy eie tyd nie te oorskat nie, maar ook nie te onderskat nie.

Paulus het oor die verlede van sy volk nagedink. Hy sien Abraham soos hy opgejaag word uit die dekadente kultuurbestaan van sy mense en sy tyd. God stuur hom na 'n nuwe vaderland en maak met hom 'n verbond. Abraham aanvaar sy roeping in die nuwe bedeling en sien met 'n profetiese blik die toekoms van sy nageslag. Moses lei Israel uit Egipteland deur die Rooi See en tree tevoorskyn as die roemryke volksheld van weleer. Paulus sien Gods genade en toegeneendheid in die voorsiening van brood uit die hemel en water uit 'n steenrots. Daarteenoor sien hy die volksondes — hulle murmerering en opstand teen God en Moses, hulle afgodery. Die verlede hou baie in wat goed is, baie seëninge en genade; maar ook baie kwaad, afdwalinge en oordeel.

Was vir Paulus se oordeel die verlede nou slegter as die van sy tyd? Was daar vooruitgang of agteruitgang? Paulus kies nie die een of die ander nie. Hy oordeel nie. Hy kom egter tot die slotsom: Die hede is verantwoordeliker deur die verlede. Ervaringe en belewenisse in die verlede van mens en gemeenskap bly gemeengoed en erflatinge wat die volgende tye onder strenge beoordeling stel. Noag het te veel wyn gedrink en die nageslag het geleer wat die mag van verwoesting is in drankmisbruik. Die naywer van Kaïn, die bedrog van Jakob, die verloëning van Petrus is sondes wat die wêreld ryker gemaak het aan ervaring. Elke daad van die verlede het 'n boodskap aan die toekoms. Soek uit die verlede . . . bou dan die toekoms. Die dag van gister praat met die dag van môre. Paulus sê in ons tekswoord: ‚Al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons'.

Met opskrywe word die historiese verloop in die gang van die Godsopenbaring bedoel. Dit is handeling en woorde van God en die mense deur die eeue.

Mense van ons dae moet daarom meer beskeie wees in hulle mening dat hulle nou eers die oerdrange en magte in die mens ontdek het . . . Nou eers hulle waardes kan bepaal in die lewensuitinge van die

mens van die 20ste eeu. Oorbeklemtoning van vryheids- en seksuele drifte, asof daarin alleen die totaliteit van die komplekse mens bestaan, kan 'n mistasting word. Dit kan lei tot sosiale en maatskaplike losbandigheid aan die een kant en demonisering van die gees aan die ander kant.

Paulus waarsku ons ‚op wie die eindes van die aarde gekom het'. Die 20ste eeu het: ryker skat van erflatinge as die van die aanvangseeu van Paulus. Ons het agter ons 'n lewe van evangelisasiewerk, martelaarskap, kerkuitbreiding. Ons het die Reformasie en die geestelike worstelinge van die moderne tyd — almal geestelike erflatings wat op ons aanspoel. Laat die moderne mens in sy verhouding tot 'n nuwe tydvak hom maar nie verbeel dat hy hom geheel kan loswikkel uit die binding aan die verlede nie. Daar kan gesê word dat die moderne tyd in wetenskaplike prestasies, tegniese uitvindings, mediese ontdekkinge en dies meer uittroon bo die kultuurprestasies van die verlede; tog lê die silwer drade van dissiplines duidelik afgeteken soos sytakke van die hoofstroom.

Dit is waarom die tekswoord ons maan dat ons verantwoordelikheid hier teen die einde van die eeue groter is as die van 'n vorige generasie. Dit is hieruit duidelik dat die ingewikkelder struktuur van Gods tyd en werk in die 20ste eeu groter omsigtigheid en verantwoordelikheid van ons eis.

In Jesus Christus het tyd sin, betekenis en inhoud gekry. Dit is die lebensraum (beweegruimte) waarin die nuwe mens gevorm word. Deur die werking van Gods Gees het die koninkryk van God gevorder. Mens en gemeenskap in verhouding tot mekaar en tot God het ingewikkelder geword, maar die gees het ook verfynder, die houding verantwoordeliker geword. Mens en wêreld word meer bewus van sonde, geregtigheid en oordeel.

Laat elke geslag daarom gemaan word om sy tyd reg te waardeer. Laat ons die kankeruitwasse in die gemeenskap met wysheid en insig diagnoseer en elimineer, want met ons opdrag tot verantwoordelikheid kan ons nie ekstra laste meesleep nie. In die dag van die dae sal elke mens en elke geslag binne die raamwerk van sy eie tyd geoordeel word.

Die huidige kerklike toestand in Nederland en Europa — 'n hermeneutiese probleem

Deur DR. T. F. J. DREYER

Inleidend.

Die hele Europa word gekenmerk deur 'n gees van maatskappykritiek en rewolusie. Die slagspreuk van die Franse rewolusie, het weer mode-woorde geword: vryheid, gelykheid en broederskap. Hierdie tendens voer ook die botoon in die kerklike en teologiese wêreld.

Daar is verskeie grondliggende oorsake wat tot hierdie situasie aanleiding gegee het. Maatskaplike en sosiale omstandighede prikkel hierdie rewolusionêre gees. Deur die kommunikasienetwerk van radio en televisie het die wêreld klein geword. Die mens sien elke dag in sy voorkamer wat gebeur dwarsoor die wêreld. Deur hierdie kommunikasiemiddels word by uitstek die nood van die mens dwarsoor die wêreld uitgebeeld. Die propaganda wat rondom die nood van die mens opgebou word, bestaan uit 'n protes teen die bestaande orde, wat vir hierdie nood verantwoordelik gehou word. Hierdie orde moet ten alle koste verander word, al is dit ook met geweld. Elke mens word persoonlik, by hierdie aksie betrek, hy moet hom solidêr voel met sy medemens in nood.

Die filosofiese eksistensialisme van die vorige eeu het ook meegewerk om 'n gunstige klimaat vir hierdie rewolusionêre gees te skep. Hierdie filosofiese gedagterigting beklemtoon die mens in sy situasie met die ander in die wêreld. 'n Metafisiese hemel as wegvlug uit die historiese realiteit, bestaan nie meer nie. Alle transendente en pre-eksistente waardes word oorboord gegooi. Die mens moet nou in sy situasie self beslis en besluit, hy is verantwoordelik vir sy wêreld. Hy is geen toeskouer nie, maar is in sy situasie aktief betrokke met die wêreld en sy medemens, solidêr met die ander in sy nood. Die eksistensialisme is die etiek van die daad. Die rewolusionêre daad word beklemtoon as verdediging van die aardse broederskap en solidariteit met mekaar.

Hierdie maatskaplike verandering en filosofiese begripsmateriaal, het noodwendig ook invloed uitgeoefen op die teologiese en kerklike denke en optrede. Die maatskappykritiek en rewolusionêre gees het die kerk en sy verkondiging in so 'n mate oorrompel dat dit vandag die

toonaangewende klank in die prediking en kerk-in-die-wêreld-wees geword het. Dit kom in verskeie gestaltes en rigtings na vore en lê soms die klem op verskillende aspekte, maar by almal kan dieselfde grondtoon gehoor word, naamlik: die beklemtoning van die tyd ten koste van die ewigheid; die beklemtoning van die daad ten koste van die woord. Al wat van belang is, is die protes, die daad, die solidariteit, die eenheid, die rewolusie.

Hierdie neo-teologie, word o.a. weerspieël in die denke van W. A. de Pree en G. H. ter Schegget, wat bekendstaan vir hulle maatskappy-kritiese teologie. Hulle is voorstanders van 'n kritiese gemeente, wat in die praktyk die tsedaka, die geregtigheid (in horisontale sin) beoefen. Die gemeente moet sy solidariteit met die rewolusie laat blyk, want elke rewolusie en sosiale aksie, is 'n stap vooruit na 'n regverdiger maatskappy. Elke neutraliteit ten opsigte van die rewolusie wys hy af as 'n keuse vir die „establishment". Hulle „geloofsbelydenis" sal dit voldoende illustreer: „Ek glo in die mens en in 'n wêreld, waarin dit vir die hele mensheid goed is om in te lewe; en dat dit ons taak is om so 'n wêreld te skep. Ek glo in gelyke regte vir alle mense; in liefde, geregtigheid, vergewing, vrede. Die geloof is eers geloof as dit daad is . . ." Die teologie van R. Schaull, E. Bloch, H. Cox, J. Moltman, D. Sölle en ook die teologiese gedagtegang van die Wêreldraad van Kerke, laat almal in meerdere of mindere mate dieselfde klanke hoor.

Dit is nie slegs 'n klien minderheidsgroepie wat hierdie teologiese weg ingeslaan het nie. Die groot meerderheid van die Nederlandse, Europese en Amerikaanse teologie word deur hierdie denke bepaal. Op hierdie snaar word tot vervelens getokkel. Dit gaan slegs om die mens in sy konkrete situasie en sy taak ten aansien van die maatskappy. Die ryk van God word op aarde gestasioneer, geregtigheid as menslike daad geaksentueer. Die prediking as opbouing van die geloof en die verborge omgang met God, word as piëtistiese selfbevrediging getipeer. Belangrik is alleen die daad, die solidariteit en die protes. So verwerklik God sy ryk in die voortgang van die geskiedenis. Die kerk kan slegs bestaan in die uitvoering van sy diakonologiese en apostolêre opdrag in die wêreld.

'n Hermeneutiese probleem.

Hierdie kerklike stand van sake en teologiese denke, word grondliggend bepaal deur 'n hermeneutiese problematiek wat aan die orde gestel is, wat teenswoordig in die brandpunt van die teologiese diskussie staan.

By nadere ondersoek blyk dit dat al die maatskappy kritiese of rewolusionêre teoloë, dieselfde hermeneutiese sleutel hanteer, nl. die van die Joodse, of Ou Testamentiese, of anti-dualistiese benadering van die Bybel. Wanneer hierdie hermeneutiese uitgangspunt tot sy uiterste konsekwensies gehandhaaf word, gee dit aanleiding tot 'n politieke messianisme.

Die bewering word gemaak dat die kerk deur die denke van die Griekse filosofie beïnvloed is en 'n dualistiese interpretasie in die teologiese denke veroorsaak is. Die Joodse denke is anti-dualisties gerig op die aarde, die tyd, die konkrete lewe, die geskiedenis. Die Griekse

denke daarenteen gee meer ag op die vaste, statiese metafisiese agtergrond, of transendente, los van hierdie voorhande-synde, verganklike wêreld. Via die Griekse filosofie het die dualisme van die twee wêrelde die Christelike teologiese denke binnegedring. Die teenstelling tussen God en mens, hemel en aarde, bowe-natuur en natuur, tyd en ewigheid, sonde en genade, die nou en die hiernamaals, is te wyte aan die Griekse dualisme.

Die eie Joodse aard en betekenis van die Ou Testament is verwaarloos ter wille van die Nuwe Testament. Die gebruik van byvoorbeeld die allegoriese en tipologiese eksegese van die Ou Testament deur die ou kerkvaders is 'n duidelike bewys daarvan dat die letterlike betekenis van die Ou Testament verwaarloos is, omdat daar vanuit die Nuwe Testament na 'n hoër geestelike betekenis gesoek word.

Teenswoordig is die oproep van die neo-teoloë dat daar teen hierdie heidense dualistiese beïnvloeding protes aangeteken moet word. Ons moet terugkeer na die Ou Testament en Joodse denke. Die aksente word dan anders, anti-dualisties gelê. Die God van die Ou Testament handel in die tyd en in die geskiedenis met sy volk en ter wille van sy volk, sy handelinge het 'n politieke kleur. Die Joodse denke is meer gerig op die aarde, die tyd en die konkrete lewe. Die heil van God breek aan in die geskiedenis, die verlossing word gesien as 'n recreatio en nie as 'n nova creatio nie. Vanuit die Ou Testament word die Nuwe Testament polities geïnterpreteer. Christus word gesien as 'n politieke messiasfiguur. Israel het hulleself leer ken as 'n uitverkore volk van God. Hulle het hierdie uitverkiesing beleef as 'n verbond wat God in hulle volksbestaan gerealiseer het.

Hierdie hermeneutiese „Vorverständnis" het verreikende konsekwensies vir die prediking en die kerklike handeling in die wêreld. By hedendaagse maatskappykritiese beskouings, rewolusionêre ideologieë, nuwe sosiale programme en felle protesbewegings word baie gesteun op die profesieë van die Ou Testament. Dit gaan dan vernaamlik om die profete uit die 8ste eeu wat kritiek op die maatskaplike toestande in hulle land uitgeoefen het, nl. Amos, Hosea, Jesaja, Miga en soms ook uit die 7de en 6de eeu, naamlik Jeremia en Esegiël.

Die kritiek van die profete rig hulle veral op bepaalde persone en groepe wie se openbare optrede die aandag op hulle vestig, die boonste laag van die bevolking. (Amos 3:9-10, 4:1-3, 6:1-8.) Opvallend is die felheid van die profetiese kritiek wat niemand ontsien nie en veral gerig is teen die konsentrasie van rykdomme in die mag van enkelinge, asook teen die metode, waarop die mag verkry word (Jes. 1:29-30, 5:8-10, Amos 6:1-7, Jes. 3:16). Vanselfsprekend word dan die swakkes, armes, die wat juridies en sosiaal geen moontlikheid tot verweer het nie, die slagoffers van die onbarmhartige en onregverdige optrede. Die kritiek van die profete keer hulle primêr teen die boosheid en die wreedheid van die individu, maar ook teen die maatskaplike situasie. Indirek rig die kritiek van die profete hulle dan ook op die strukture van die samelewing, die onregverdige status quo wat gehandhaaf word. By die profete is daar ook 'n regstreekse verband tussen die sosiale onreg en die ontrou teenoor die God van die verbond. Die oproep tot bekering en geloof beteken dus implisiet ook sosiale veranderinge in die maatskappy.

Die God van die verbond sal in die geskiedenis ingryp en sy volk wat onderdruk word, kom verlos. Die messiasverwagting van die Ou Testament het 'n politieke kleur gehad. God stry vir sy volk in die wêreld. Vanuit hierdie Joodse benadering word getrag om die politieke betrokkenheid van die kerk ook met Nuwe Testamentiese gesag te beklee. Dit is 'n mode-verskynsel om in die prediking en geskrifte te praat van Jesus Messias, in plek van Jesus Christus, om so via die messiaanse verwagting van die Ou Testament, die sosiaal-politieke betrokkenheid meer grond te gee in die bybelse boodskap. Deur hierdie taalkundig skynbaar verantwoorde en onskuldige wysiging, word inhoudelik aan die persoon en werk van Jesus Christus 'n ander aksent gegee, as wat die outeurs van die Nuwe Testament met die gebruik van die Griekse woord bedoel het. Vanuit die Ou Testament, word daar nou in die Nuwe Testament gesoek na polities gekleurde uitsprake en handelinge. Die prediking van geloof, geregtigheid, vrede, verlossing, hoop en ewige lewe volgens pauliniese strekking, word as Griekse dualisme afgewys. Geloof, geregtigheid en vrede, word horisontaal geprojekteer en tot politieke dade gedemoveer. Jesus word gesien as 'n partyganger en bondgenoot van die armes en onderdruktes. Hyself is sogenaamd gebore uit 'n armoedige gesin. Hy was in opstand teen die rykes, vergelyk die reiniging van die tempel, die eis van Jesus aan die ryk jongman om alles te verkoop en sy geld aan die armes te gee. Die woorde van Christus in Mat. 25:35 v.v. geniet ook baie aandag.

Vanuit sekere evangelieverhale word daar ook gepoog om te bewys dat Jesus Messias verbindinge gehad het met die nasionale versetstryders van sy tyd, die selote. Dit word ook beweer dat van sy dissipels tot die selotiese versetstryders behoort het. Sy prediking word gesien as 'n oproep tot 'n exodus uit die magstrukture van die tradisie. Uit die tempelreiniging en Jesus se versoek om 'n swaard (Luk. 22:35-38 en sy uitspraak dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar die swaard, word gekonkludeer dat Hy opgeroep het tot die „heilige oorlog" en nie teruggedeins het vir die gebruik van geweld nie. Die hernude belangstelling en jongste ondersoeke na die verhoor en teregstelling van Jesus, wil probeer bewys dat Hy 'n revolusionêre agitator was, wat deur die Romeine as staatsgevaarlik gelikwideer was. Hy het aan die kant van die Joodse versetstryders gestaan en sy kruisiging was 'n daad van anti-joogse onderdrukkingspolitiek deur 'n wrede Romeinse stadhouer. Dit alles skilder 'n prentjie wat mooi inpas in die propaganda van die radikale rewolusionêre teoloë.

Wanneer hierdie hermeneutiese sleutel in die teologie gehanteer word, bring dit noodwendig 'n verandering in die siening van die taak van die kerk in die wêreld. Die prediking het ten doel die kritisering en afbraak van bestaande wanpraktyke in die sosiale strukture, om sodoende die ryk van God op aarde te realiseer. Die rewolusionêre gebeure is nou die sleutel tot die verstaan van die geskiedenis as regering van God, asook tot die regte benadering van die taak van die Christen in die wêreld. God neem op rewolusionêre wyse aan die geskiedenis deel, soos Hy dit dikwels deur sy knegte in die Ou Testament gedoen het. Die teenwoordigheid van God in die geskiedenis is alleen daar te verstaan waar (sjaloom) vrede en welsyn beoefen word, waar (exodus) uittog plaasvind, waar God mense van hulle bande bevry en tot humaniteit bring. Die diakonale en apostolêre opdrag van die kerk in die wêreld,

vorm nou die kern van die verkondiging en word dan ook spesifiek gesien as bemoeiing en solidarieteit met die armes en onderdruktes, waar die ryk van God teenwoordig is. Die taak van die kerk is om hom besig te hou met politieke meningsvorming, protes, maatskaplike verandering en rewolusie.

Deur dit alles heen speel die gesketste tenstelling van die Joodse en Griekse denke. Die handeling in die hede is belangriker as die beskouing oor die ewigheid. Die daad oorskadu die Woord. Dit gaan om die mens in sy konkrete situasie en sy taak ten aansien van die gemeenskap. God ontmoet die mens in sy medemens. Aktualiteit verdring die teorie, 'n Griekse erfenis. Ook die innerlikheid sneuwel voor hierdie daad-teorie en word as individualisties en piëtsties afgewys. Dat God deur Woord en Gees vrede in die hart van mense skep, word as introversie en verouderde religiositeit veroordeel. Die woord vrede word alleen in horisontale rigting gebruik, naamlik om te werk aan die vrede onder rasse en volke.

Slotopmerkings.

As die teenswoordige kerklike toestande in Nederland en Europa met een woord gekarakteriseer kan word, is dit: eensydigheid. Die bogenoemde kort uiteensetting van die grondliggende hermeutiese problematiek, behoort voldoende aan te toon dat die kerk hom laat mislei het tot 'n eensydige keuse van óf die een óf die ander. Die kerk het hom laat indruk in 'n bepaalde skema van die Joodse denke. Die grootste fout wat die kerk kan maak is om sy denke te laat bepaal deur 'n gedwonge skema van sogenoemde anti-dualisme wat dan radikaal teenoor die dualisme gestel word. Die kerk kan hom ook nie verdedig deur in die teenoorgestelde radikale dualisme stelling in te neem nie. Dan verval ons ook in eensydigheid. 'n Meer prinsipiële houding is om die gedwonge skema af te wys en nie op dié vlak te diskuseer nie. Dié skematiese denke trek altyd die essensiële waarom dit gaan óf na die een, óf na die ander kant skeef.

Die Ou Testament kan nie van sy betekenis beroof word ter wille van die Nuwe Testament nie, maar aan die ander kant kan die stilswyende veronderstelling van die vroeë kerk by die opname van die Ou Testament in die kanon ook nie verontagsaam word nie, dat daar 'n eenheid tussen die twee testamente is en dat die Ou Testament sy vervulling in die Nuwe vind. Die Nuwe Testament kan nie sonder die Oue verstaan word nie, maar mag ook nie na die Oue omgebuig word nie. In die jaar nul het daar 'n keerpunt aangebreek, 'n nuwe dimensie is in Christus toegevoeg wat nie verontagsaam kan word nie.

Noordrand.

Kerstening en gemeentevorming buite volksverband

Deur PROF. R. D. COERTZE

Die noodsaaklikheid om binne die Suid-Afrikaanse verband 'n proses van afsonderlike volksgroei te laat plaasvind en so vir elk van die verskillende volke binne die landsgrense 'n regverdige ontplooiingsgeleentheid te verskaf, is reeds lankal 'n gemeenplaas. Vir sover die stimulering van die proses staatsbeleid geword het, praat ons daarvan as afsonderlike ontwikkeling. 'n Mens moet egter onthou dat dit om prosesse van volkswording en -groei gaan wat oor generasies strek. Vanweë die tydsduur wat vir die verloop van die totale proses nodig is, kan geen enkele regering hierdie prosesse van volkswording inisieer en tot volle ontplooiing lei nie. Elke regering het slegs die verantwoordelikheid om die gang van die proses tydelik (miskien binne die gang van een generasie) te lei en te stimuleer en om in hierdie leiding en stimulus deeglik kennis te neem van die koers wat vanuit die verlede aangedui word.

Die toekoms van enige situasie van aanraking tussen volke word bepaal deur die bereidwilligheid van daardie volke om saam te groei of om as onderskeibare entiteite naas mekaar afsonderlik voort te bestaan. Blote kontak tussen volke lei nie noodwendig dadelik tot samegroeiing nie. Voortdurende noue kontak kan wel later die bereidwilligheid om saam te groei, wek. Tussen die Afrikaners, asook die blanke Westerlinge wat mettertyd by hulle aangeskakel het, en die gekleurde inboorlinge in Suid-Afrika het kontak oor driehonderd jaar nie tot samegroeiing gelei nie. Blote weerstand teen samegroeiing van die kant van die Blankes in Suid-Afrika mag op die lange duur nie genoeg blyk nie. Dit is daarom noodsaaklik dat daar bewuste beplanning tot afsonderlike volksgroei sal plaasvind.

By die beplanning van hierdie afsonderlike ontwikkelingsmoontlikhede moet 'n mens dit ook in gedagte hou dat die proses van kultuurverandering deur die gang van die geskiedenis op koers geplaas word. 'n Mens kan die ontplooiing van hierdie verandering in die toekoms lei maar jy kan die koers wat reeds ingeslaan is, nie omkeer of stuit nie.

Dit is vandag algemene kennis dat die swart volke van Suid-Afrika aan 'n proses van verwestersing onderhewig is. Hierdie proses sal nie gestuit kan word nie. Dit kan homself alleen saam met die Afrikaners en ander Blankes in een volksverband voltrek of parallel langs die Blankes binne die verband van die verskillende swart volke plaasvind. Dit is dus baie duidelik dat elke invloed wat die sameskakeling van Blankes en Swartes op 'n basis van die gemeenskaplike aanhang van die Westerse lewenswyse stimuleer, teen die gang van die geskiedenis stry en die gedagte van afsonderlike volksgroei aktief ondermyn.

Vir die Hervormde Kerk is die voorgenoemde feite nie sonder betekenis nie. Dit is die standpunt van ons kerk dat kersteningswerk gepaard behoort te gaan met die vestiging van afsonderlike kerke onder elk van die volke wat bearbei word. Wanneer 'n mens nou vind dat daar in die politieke arena stemme opgaan dat die skeidingslyne tussen die verskillende swart volke opgehef moet word en selfs dat sameskakeling tussen Blank en Swart opnuut oorweeg moet word, kom die mikpunt van die ontplooiing van afsonderlike volkskerke vanself onder skoot. Volksverbande word egter nie gemaak of gebreek deur die opset en besluite van politici, kwasi-politici en agitators nie. Met die oog op Evangelieverkondiging kan hierdie roeringe as van minder belang beskou word.

Dit is verstaanbaar dat daar binne die geledere van die Hervormde Kerk nie veel waardering sal wees vir die standpunt van veral Engelstalige kerke waar sowel Blanke as Swart lidmate in een kerkverband betrek word nie. Selfs die ontplooiing van een gesamentlike swart kerk vir alle Bantoetaalsprekende persone kan met reg bevraagteken word. In albei hierdie gevalle word daar nie erkenning verleen aan die bestaan van verskillende volks- en taalverbande nie. Wat egter dikwels die oog ontsnap, is dat die Hervormde Kerk se eie kersteningsaksie ondanks die hoë waardering vir bestaande volksverbande soms meehelp om juis die volksverbande waarbinne volkskerke moet ontplooi en waarvan die bewaring die fondament vir afsonderlike volksgroei moet wees, af te takel.

Hierdie bewering kan met twee reekse gegewens gestaaf word.

(a) Die kersteningswerk van die Hervormde Kerk onder Swartes is in hoofsaak buite die verskillende tuislande gekonsentreer. Binne die blanke gebied van Suid-Afrika is daar binne elke Ringsverband 'n omvangryke heterogeniteit in die volksaanhorigheid van die swart arbeiders wat plaaslike werk. In kleiner sentra is hierdie heterogeniteit nie so groot as aan die Rand en in Pretoria nie. So vind 'n mens in Pietersburg ten minste 81% Noord-Sotho naas 8% Changana-Tsonga. Die ander volksgroepe is daar plaaslik veel geringer in getal. In Nelspruit tel die Swazi 51%, die Changana-Tsonga 31%, die Noord-Sotho 10% en die Zoeloe 5% naas ook ander groepe (Coertze 1969:75). In 'n woonbuurt soos Mamelodi by Pretoria toon die volksaanhorigheid van die inwoners die volgende: Noord-Sotho 28%, Transvaal-Ndebele 19%, Changana-Tsonga 15%, Swazi 12%, Tswana 12%, Zoeloe 7%, Venda 3%, ens. In Soweto is die verspreiding van volksverband naastenby soos volg: Zoeloe 29%,

Suid-Sotho 17%, Tswana 13%, Xhosa 11%, Swazi 10%, Noord-Sotho 9%, Changana-Tsonga 6%, Venda 3%, ens. (De Villiers 1972:66). Wanneer kersteningswerk nou binne Ringsverband onderneem word en wel binne 'n bepaalde stedelike lokasie is dit onvermydelik dat Swartes van verskillende taal- en volksverband binne een gemeente saamgevat sal word. So 'n handeling wat om organisatoriese redes geregverdig mag wees, kan nie die langtermyn benadering van die kerk wees nie anders takel ons volksverbande af eerder as om dit te bou.

(b) As die swart arbeiders na kerstening na hulle tuislande sou teruggaan en daar 'n stimulus aan die ontplooiing van volkskerke gee, sou die voorgenoemde beswaar in hoofsaak kon verval. Daar is egter weinig bewys van die terugvloei van hierdie mense na hulle tuislande. Die statistiek bewys dat Bantoetaalsprekendes in blanke stedelike gebiede vandag nog vir meer as 99% hulle eie tale as huistale gebruik en daarmee duidelik te kenne gee aan watter volksverband hulle behoort. Hierdie mense gaan egter nie terug na die tuislande nie. Dit is daarom korrek dat daar in Mamelodi reeds 38% van alle mans bo 16 jaar in die stad gebore is. In Soweto is die ooreenstemmende syfer 57%. Van diegene wat nie in die stad gebore is nie, is 53% reeds langer as 20 jaar in Mamelodi woonagtig. In Soweto is die ooreenstemmende syfer 56%. Die gemeentes wat dus onder Swartes in blanke stedelike sentra ontstaan, het dus die neiging om hulle lidmate permanent te behou en weinig stimulering aan die gedagte van volkskerke te gee.

Die kern van die bevolkingsverhoudingsvraagstuk in Suid-Afrika is die probleme wat uit die fisiese teenwoordigheid van groot getalle swart arbeiders in blanke gebiede spruit. Die Hervormde Kerk ervaar hierdie probleme ook in sy kersteningswerk. Die aanwesigheid van hierdie arbeiders werk stremmend in op gesonde volksgroei in die verskillende tuislande. Daar is by elk van die verskillende swart volke die gevaar dat groot getalle volkslede mettertyd in die blanke gebied van Suid-Afrika afgehak sal word. In die geheel gesien het die sensus van 1970 getoon dat van die 8 060 773 Swartes in die blanke gebied van Suid-Afrika 4 407 015 of 55% binne die blanke stedelike gebiede woonagtig is. Die blanke bevolking van hierdie stede was slegs 3 247 246. Van die getal Swartes kan ongeveer 530 000 weggesny word omdat hulle as gerekruteerde mynarbeid mettertyd na hulle onderskeie tuisgebiede sal teruggaan. Die oorblywendes is na berekening 2 886 400 en woon op 577 280 woonpersele in stedelike lokasies. Dit laat ongeveer 1 000 000 swart arbeiders wat as persoonlike bediendes op die woonpersele van hulle werkgewers gevestig is. (Van Onselen 1972:28.)

Dit kan met reg gevra word of die blanke ekonomie in Suid-Afrika werklik die vestiging van al hierdie verplaaste mense binne die blanke gebied van Suid-Afrika vereis. As die antwoord hierop positief is, sal die Hervormde Kerk sy kersteningsaksie vermoedelik moet herorganiseer. As die ekonomie met minder swart arbeiders sou kon klaarkom, bly dit nog 'n vraag of die blanke werkgewers bereid sou wees om van hierdie arbeid af te sien.

Dit is baie duidelik dat 'n mens met groot beslistheid kan beweer dat die blanke ekonomie nie al die bogenoemde swart persone in die blanke gebied van Suid-Afrika vereis nie. Dit is 'n bekende feit dat stedelike lokasies maar 1,5 manlike arbeiders van arbeidsleeftyd per huishouding lewer. Dit beteken dat slegs ongeveer 25% van die bogenoemde bewoners van stedelike lokasies as onontbeerlik vir die landsekonomie geag kan word. Ook hierdie bewering is nie volkome korrek nie.

Enkele jare gelede het dit tussen R6 en R10 miljoen gekos om 'n stedelike lokasie van 855 ha te beplan en te bou. Binne so 'n eenheid kan dan 'n bevolking van 76 000 gehuisves word. Hiervan is dan slegs 25% manspersone van arbeidsleeftyd. Die res is vrouens en kinders, oues van dae en werkskuwes. Van die 19 000 manspersone van arbeidsleeftyd is maar ongeveer die helfte of 9 500 direk betrokke by die vervaardigingsektor van die blanke ekonomie. Die res, die ander helfte is betrek in die dienste-sektor van die ekonomie. Dit is mense wat na my oordeel in 'n hoë mate ontbeer kan word. Dit beteken dus in praktyk dat ons tussen R6 en R10 miljoen belê om die voordurende teenwoordigheid van slegs R9 500 werklike onontbeerlike arbeiders in die blanke ekonomie te verkry. So gesien kan 'n mens elke stedelike lokasie as 'n monument vir die gemaksug van die Blankes in Suid-Afrika beskou (Coertze 1972:53). Die ergste is dat dit voorspel kan word dat die getal swart persone in blanke stedelike gebiede teen die jaar 2000 sal verdubbel. Die 577 280 persele wat tans vir die huisvesting van hierdie mense gebruik word, gaan ook na getal en grondoppervlakte verdubbel. Die enorme koste wat hieraan verbonde sal wees, spring mens in die oog. 'n Mens moet egter onthou dat daar tog 'n keuse bestaan oor waar hierdie huise gebou sal moet word. Dit kan soos tans die patroon is binne blanke stedelike gebiede gebou word of dit kan binne die verskillende tuislande gebou word en sodoende 'n geweldige bydrae maak tot gesonde volksgroei in elk van hierdie tuislandverbande. As ons die laaste weg volg, sal dit ook moontlik wees om gemeentevorming binne volksverband te organiseer en sal die kerk werklik vordering kan toon met die gedagte van die stigting van verskillende volkskerke.

Eintlik is die klimaat vir die stigting van volkskerke selfs sonder 'n program van verstedelikte vestiging in die tuislande reeds besig om te verander. Dit is geruime tyd reeds beleid om bestaande stedelike lokasies en nuwe uitbreidings binne tuislandverband te laat plaasvind. So het die lokasies van Rustenburg, Brits, Thabazimbi, Potgietersrus, Pietersburg, Durban, Newcastle, Oos-Londen reeds verdwyn of is na getalle reeds aansienlik verminder. Dit is slegs die lokasies by groot sentra soos Johannesburg of die wat vervan tuislande geleë is wat probleme vir die toekoms kan oplewer. Die opvallende is dat 'n mens die indruk kry dat 15% van die swart bewoners van stedelike lokasies onvoorwaardelik bereid is om na 'n tuisland te verskuif. Sewentig persent stel voorwaardes ten opsigte van vervoerfasiliteite, behuisingstandaard en werkgeleenthede. Slegs 15% weier op hierdie stadium om 'n sodanige verskuiwing te oorweeg. Dit is baie duidelik dat tensy daar wel so 'n verskuiwing plaasvind, sal die Hervormde Kerk in sy eie kersteningsaksie in toenemende mate moet erken dat die gedagte van selfstandige volkskerke moelike is om te ontplooi.

Om die vraag of blanke werkgewers bereid sal wees om met minder of geen swart arbeiders in blanke gebiede klaar te kom, te kan beantwoord, moet 'n mens miskien op die feite ten opsigte van die grootste enkele werknemersgroep onder die swart werkers let. Ek verwys hier na huisbediendes. Volgens amptelike opgawes is in 1974 in die verskillende voorgeskrewe gebiede in Suid-Afrika 'n totaal van 2 705 074 swart manlike en vroulike arbeiders geregistreer. (Hierby is die meeste mynarbeiders nie ingetel nie.) Die grootste enkele groep was arbeiders in die nywerheidswese (659 319) met huisbediendes (559 913) in die tweede plek. Daar word allerweë erken dat die onbevredigende samewerking wat van blanke werkgewers ontvang word wanneer hulle die dienskontrakte van huisbediendes moet registreer die syfer ten opsigte van huisbediendes met ongeveer 20% verlaag. Word hierdie berekende syfer bygevoeg, styg die getal geregistreerde huisbediendes vir 1974 tot 671 896 en word dit die grootste enkele werkskategorie onder swart arbeiders.

Die jongste steekproefopnames van die departement van Statistiek (1973) toon dat in 25,9% van alle blanke eienaarbewoonde en huurhuise in Pretoria daar geen voltydse of deeltydse huisbediendes in diens is nie.

Die ooreenstemmende syfer vir Kaapstad is 56,5% vir Port Elizabeth 34,6% en vir die Witwatersrand is dit 32,3%. Daar het ook ten opsigte van die indiensneming van voltydse huisbediendes 'n verskuiwing gekom. In Kaapstad het 9,3% meer huisgesinne in 1973 sonder voltydse huisbediendes as in 1965 klaargekom. Die ooreenstemmende syfer vir enkele ander stede is soos volg: Port Elizabeth 6,4%, Pretoria 8,5%, Witwatersrand 12,0%. In die meeste gevalle is daar van voltydse na deeltydse huisbediendes oorgeslaan.

Wanneer hierdie syfers geanaliseer word, is dit duidelik dat die aan- of afwesigheid van huisbediendes ten nouste met ekonomiese oorwegings saamhang. In Kaapstad het die gemiddelde huisbediende ('n Kleurlingvrou) in 1973 R66,49 per maand aan kontant en natura verdien. In Pretoria het die gemiddelde huisbediende ('n swart vrou) R53,82 aan kontant en goedere verdien. Blykbaar is die verskil van R12,67 in maandelikse uitgawe genoeg om die toename van bediendelose huise van 25,9% in Pretoria na 56,5% in Kaapstad te verklaar (Statistiek 1973:8-12). Eintlik is hierdie gegewens in lyn met 'n waarneming wat reeds meer as tien jaar gelede in Pretoria gemaak is en waarin aangedui kon word dat daar toe meer as dubbeld so veel bediendelose persele in sommige Westelike voorstede was (Proklamasieheuwel 48,7%) as in sommige Oostelike voorstede (Brooklyn 22,7%) (Nell 1961:133).

'n Mens word dus tot die slotsom gedwing dat blanke gesinne in Suid-Afrika in staat is om sonder huisbediendes klaar te kom, as hulle wil en dat een van die belangrikste oorwegings by die indiensname van huisbediendes die ekonomiese vermoë van die huisbewoner is.

Dit is nie moontlik om ten opsigte van die swart arbeiders wat in die nywerheidswese in diens is so 'n gemaklike argument vir uitskakeling te bou nie. 'n Mens kan egter sonder vrees vir teëspraak beweer

dat die getalle swart arbeiders wat naas die getalle huisbediendes in ander onproduktiewe dele van die ekonomie betrek is, byvoorbeeld owerheidsdienste met 392 172 arbeiders, vervoer en algemene besigheid met 310 821 asook die groot- en kleinhandel met 286 471 arbeiders, onderskeidelik derde, vyfde en sesde op die lys van werkskategorieë, sonder veel ontwrigting drasties verminder sou kon word. Deur die uitskakeling of vermindering van huisbediendes en die vermindering van arbeiders in ander werkskategorieë sal die ekonomie van Suid-Afrika nie in duie stort nie. Dit word daardeur moontlik om gesonde volksgroei in die tuislande te verkry omdat die vestiging van die gesinne van hierdie arbeiders binne volksverband sal plaasvind.

Vir diegene wat reken dat die voorgaande redenasie te swaar aan die teorie verbind is en te min kennis neem van die harde werklikheid van die praktyk kan 'n mens net sê: „Dit is tyd dat hierdie teorie na die praktyk gevoer word." Elke lidmaat van die kerk het in hierdie opsig 'n verantwoordelikheid wat nie ontduik kan word nie.

GERAADPLEEGTE WERKE

Coertze, R. D. 1969. Stad en Tuislandskakeling in stedelike Bantoe-administrasie. Notule van die 16de Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke aangeleenthede. Pretoria.

Coertze, R. D. 1972. Bantu outside their homelands: Political aspects. In SABRA: Bantu outside their homelands. Yearbook No. 8. Pretoria.

De Villiers, C. M. 1972. Vryetydsbesteding van volwasse Bantoe in die PWV-gebied. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Nell, J. T. 1961. Die huisbediende in die stedelike gebied van Pretoria. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Statistiek, Dept. van, 1973. Statistieke van huise en huisbediendes. Okt. 1973 en van woonstelle, Mei 1973. Verslag Nr. 11-03-09. Staatsdrukker, Pretoria.

Van Onselen, I. P. 1972. Bantu outside their homelands. In SABRA: Bantu outside their homelands. Yearbook No. 8. Pretoria.

Ouerseggenskap in ons onderwys — 'n Historiese oorsig

Deur DR. J. L. VAN STADEN

Die geskiedenis van die onderwys in Transvaal toon baie duidelik dat daar in die verlede nie net ernstige meningsverskil was oor die mate van seggenskap wat die ouer in die onderwysbeheer behoort te hê nie, maar dat hierdie demokratiese ideaal ook aanleiding gegee het tot wanpraktyke wat die gesonde onderwysontwikkeling noodwendig moes strem en tot ontevredenheid onder die onderwyspersoneel moes lei. Die verlede gee ook duidelik blyke dat die stryd in verband met die beheer van die onderwys ondubbelsinnig beïnvloed is deur twee botsende lewensopvattinge.

Onderwysbeheer in die Suid-Afrikaanse Republiek gee 'n duidelike beeld van die standpunt wat deur die huldigers van die Afrikaans-Christelik Nasionale opvoedingsvisie ingeneem is. Sowel die Republikeinse as die C.N.O.-visie op die onderwys en die opvoeding was dat dit by uitstek die verantwoordelikheid van die ouers was. Die ouers het in die onderwysbeheer 'n groot mate van seggenskap by monde van hul kerkrade en skoolkommissies uitgeoefen.

Dit is aan ons almal bekend hoe hierdie tradisionele Republikeinse onderwysstelsel met sy demokratiese ideaal en ouerseggenskap gedurende en na die Tweede Vryheidsoorlog deur die botsende lewensopvatting van die veroweraar oorboord gegooi is. Omdat kontrole van die ouergemeenskap in die pad van sy denasionaliseringsbeleid gestaan het, is 'n stelsel van staatskole met die daarmee gepaardgaande gesentraliseerde beheer ingevoer. Alle skoolkommissies wat volgens Wet No. 9 van 1892 saamgestel is, is ontbind en die seggenskap en ondernemingsgees van die ouergemeenskap is vervang deur oorwegende staatskontrole. Die demokratiesgesinde volk was verplig om hulle, as hulle van die staatstelsel gebruik wou maak, by die vreemde patroon aan te pas. In 1903 is wel weer begin met die instelling van sg. skoolkommissies, maar met beperkte magte. Hulle het dan ook nooit werklike betekenis gehad nie, aangesien die meeste van hulle pligte van 'n dienende aard was en hulle geen regerende magte ,soos die benoeming van onderwysers gehad het nie.[1])

Lord Selborne ,die opvolger van Lord Milner, was 'n versiende en gemagtigde staatsman. Hy het in Goewerments-Minute van 17 November 1905 van die beginsel uitgegaan dat plaaslike verteenwoordiging en seggenskap noodsaaklik is. Daar is bepaal dat die aanstelling en ontslag van onderwysers moet berus by die Direkteur, maar „hy moet egter gesteun word by die keuse van die onderwyser deur kommissies en rade, want die ouers mag nie onthef word van hulle natuurlike verantwoordelikheid in hierdie verband nie."[2])

Die verontagsaming van die ouerseggenskap in die onderwysbeheer sedert die beëindiging van die Republikeinse onderwysstelsel was dan ook een van die vernaamste redes vir die oprigting van C.N.O.-skole. Die ouers het dit nie net as 'n voorreg beskou nie, maar veelmeer as 'n Godgegewe **reg en plig**. Hulle het gevoel dat seggenskap in die onderwysbeheer en veral die keuse van onderwysers 'n eerste voorwaarde was vir die versekering dat die opvoeding van hulle kinders aan gelowige persone toevertrou word. Verteenwoordigende besture het saam met die kerk uitgebreide seggenskap gehad en 'n groot mate van beheer uitgeoefen. Ouers het die reg gehad om navraag te doen na die karakter en geloofsoortuiging van die onderwyser aan wie hulle kinders se opvoeding toevertrou is. Dit is juis om hierdie prinsipiële aangeleenthede dat daar radikaal verskil is met die Engelse owerheid. Laasgenoemde wou nie insien dat „whenever a particular system of education did not recognise the peoples' ingrained love of liberty, their deep religious sense, and their desire of self-government, it was doomed to failure."[3])

Die Smutswet van 1907 het die C.N.O.-beginsel van staatsondersteunde onderwys vervang deur 'n stelsel van staatsonderwys. Dit is in die eerste instansie nie die plig van die ouers om te sorg vir die onderwys en opvoeding van die kinders nie, maar van die staat. Aan verteenwoordigende besture kan nie 'n té groot mate van mag toegestaan word nie, aangesien die staat verantwoordelik sou wees vir die finansiëring van die onderwys. Die sentrale beheer sou berus by 'n Raad van Onderwys, bestaande uit die direkteur en 4 benoemde lede, onderworpe aan die kontrole van die minister, terwyl die plaaslike beheer by verkose skoolrade en skoolkommissies sou berus. Een derde van die skoolraadslede sou deur die minister benoem word en die res deur die stemgeregtigdes gekies word, terwyl die lede van die skoolkommissies deur die ouers van skoolgaande kinders in die betrokke skooldistrikte gekies sou word. Die beperkte mag van die verteenwoordigende besture blyk duidelik uit die adviserende rol wat hulle by die benoeming van onderwysers gespeel het. Volgens Art. 78 sou genoemde liggame die reg hê om ten minste twee applikante by die direkteur aan te beveel „met dien verstande evenwel dat de Direkteur kan weigeren om enige van de door het bestuur aanbevolen applikanten aan te stellen indien volgens zijn oordeel zulk een aanstelling niet in belang van de school, klasse of inrichting, zoude zijn."[4])

Met verloop van tyd het daar nie net wrywing ontstaan tussen die verteenwoordigende besture en die sentrale owerheid nie, maar ook tussen die skoolrade en skoolkommissies. Dikwels het die kwessie in verband met die status en magte van die skoolkommissies ter sprake gekom, want daar is gevoel dat hulle al meer en meer net vyfde wiele aan die wa geword het.[5]) Die direkteur het hom reeds in 1911 oor

hierdie aangeleentheid soos volg uitgelaat: „Er heerst ongetwijfeld veel ontevredenheid onder de leden van deze lichamen. Het is echter duidelik dat de verantwoordelikheid voor alle meer belangrijke kwesties bij die Schoolraden moet berusten en die inzichten van de Raad de voorrang moet hebben."[6])

In 1927 het daar wrywing tussen 'n betrokke skoolraad en skoolkommissie gekom. Die kommissie het twee kandidate by die skoolraad aanbeveel, maar die skoolraad het op sy beurt weer twee ander kandidate by die departement aanbeveel. Die departement het toe die twee stelle aanbevelings vir heroorweging aan die raad teruggestuur. Die raad het sy vorige nominasie gehandhaaf en die departement het die eerste genomineerde van die raad benoem. Die skoolkommissie wou hierdie beslissing nie aanvaar nie en het uit protes hulle kinders 'n paar dae uit die skool gehou. Die kommissie het beweer dat die raad die saak moes terugverwys het voordat 'n finale aanbeveling by die departement gedoen is. Die saak is geskik en die volgende is besluit: (1) Die raad het belowe, dat dit voortaan aan skoolkommissies dieselfde redes vir weiering om hulle aanbevelings te aanvaar, sal stuur as aan die departement. (2) Die Direkteur van Onderwys het belowe dat, as 'n raad 'n aanbeveling instuur wat verskil met dié van 'n skoolkommissie, hy geen benoeming sal maak nie voor die skoolkommissie in die geleentheid gestel is om sig weer tot die raad te wend, tensy hy oortuig is dat die kommissie nie verder op die saak wens aan te dring nie."[7])

Sedertdien het dit die algemene gebruik geword om die eerste keuse van die verteenwoordigende besture te benoem en het die idee ontstaan dat die direkteur eintlik verplig was om dit te doen. Daar is naderhand só gereken op die onaantasbaarheid van die eerste keuse dat die name van benoemde kandidate dikwels in die pers verskyn het nog voordat die departement van die aanbevelings verwittig is. Ten einde sodanige wanpraktyke te beëindig, het die direkteur in 1929 by die Uitvoerende Komitee daarop aangedring om hom toe te laat om sy magte en voorregte kragtens art. 78 van die Onderwyswet, voortaan oningekort te mag uitoefen. Die hoofoorsake wat gelei het tot die goedkeuring van die prosedure voorgeskryf in Omsendbrief No. 6 van 1929 was die volgende:

(a) „As ten opsigte van die benoeming van onderwysers die funksie van die hoof van die Departement gelyksgestel word met dié van 'n rubberstempel, kan van hom nie verwag word dat hy enige verantwoordelikheid hoegenaamd vir die benoemings in sy Departement sal aanvaar nie. Sonder seggenskap geen verantwoordelikheid nie.

(b) Deur aan die Hoof van die Departement die vry keuse wat hom opgelê is deur die wet, onbelemmerd te laat, sal daar geen verleiding bestaan vir kommissies en skoolrade om sollisitante aan te beveel op ander gronde as dié van meriete nie.

(c) Die Departement besit in sy lêers gewone en vertroulike inligtings oor al die onderwysers in sy diens en wat aansoek doen van buite die diens wat vir skoolkommissies en skoolrade, óf nie in dieselfde mate, óf glad nie beskikbaar is nie."[8])

Van verskillende kante is aangedring op die wysiging van die onderwyswet, want daar is gevoel dat die wet, wat die aanbeveling en benoeming van onderwysers betref, ruimte gebied het vir ongesonde werwingspraktyke. In 'n toespraak wat die direkteur in 1935 voor die „Transvaal Teachers Association" gehou het, het hy die volgende bevorderingskema aanbeveel:

Die Direkteur van Onderwys moes saam met die tegniese adviseur en die departementele inspekteurs saamgestel word as 'n bevorderingsraad wat jaarlikse bevorderingslyste sou opgestel. In geval van 'n vakature moes die departement vyf name uit die bevorderingslys uitkies en dit aan die verteenwoordigende besture voorlê. Hulle keuse sou dan outomaties deur die departement bekragtig word.[9]) Hierdie voorgestelde opvoedkundige beleid sou regverdige bevordering in die hand werk, want 'n professionele liggaam sou onderwysers se verdienstelikhede beoordeel. Hierdie prosedure sou vanselfsprekend tot ontevredenheid by die verteenwoordigende liggame lei, aangesien dit beperking van hul seggenskap sou beteken.[10]) Die aanhangers van hierdie voorgestelde bevorderingskema het egter met verloop van jare vinnig toegeneem. Ook die onderwysersverenigings het dit sterk beklemtoon dat „die een of die ander vorm van professionele leiding van of beheer oor aanbevelings vir aanstellings met bevordering in poste, voorsien behoort te word."[11]) Hierdie idee het dan ook gelei tot die instelling van die Keurraad vanaf 1 Desember 1963. Oor die werksaamhede van hierdie professionele liggaam is in die T.O.D.-verslag van die daaropvolgende jaar soos volg gerapporteer: „Deur die benoeming van die Keurraad het die Transvaalse Onderwysdepartement vir die eerste keer verseker dat 'n professionele liggaam deel het aan die opstel van 'n eerste kortlys van die mees geskikte applikante vir bevorderingsposte ... Op 'n paar uitsonderings na het alle aanbevelende liggame hulle keuse gemaak uit die kortlys wat deur die Keurraad aan hulle voorgelê is. Waar daar meningsverskil was, het die Keurraad elke geleentheid benut om met die plaaslike liggame oorleg te pleeg. Dit het tot vrugbare samesprekings gelei. Die belangstelling van hierdie liggame en hulle bereidwilligheid om saam te werk, selfs n gevalle waar beslissings in stryd was met hulle wense, verdien vermelding."[12])

In 1965 is 'n gewysigde prosedure met die gradering van onderwysers ingestel. Die feit dat skoolhoofde 'n aandeel gekry het in die gradering van hulle onderwysers, moet beskou word as 'n belangrike deurbraak wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement gemaak is en daar is gevind dat „hoofde se graderings nou groter ooreenstemming toon met die graderings wat deur inspekteurs tydens inspeksies toegeken word."[13])

Die hoop is gekoester dat hierdie groter eenvormigheid en doeltreffendheid in die gradering van onderwysers die heelhartige samewerking van die hele professie sou verseker. Sedert 1966 is aansoeke om vakante onderwysposte nie meer deur skoolrade hanteer nie.

Uit bostaande beknopte historiese oorsig blyk twee sake baie duidelik. Eerstens het die ouergemeenskap van die vroegste tye af kragtens hul lewensopvatting uitgegaan van die diepste oortuiging dat hulle by monde van hul verteenwoordigende besture seggenskap moet

hê in die aanbeveling van onderwysers aan wie se sorg hul kinders toevertrou word. Trouens, hulle het dit nie net as 'n voorreg beskou nie, maar kragtens hul doopbelofte veelmeer as 'n Godgegewe plig. Andersyds het daar met verloop van tyd 'n groeiende behoefte ontstaan aan 'n meer opvoedkundige en professionele beleid. Daar is nie net gevoel dat die verdienstelikhede van onderwysers op 'n meer professionele wyse beoordeel moet word nie, maar daar is inderdaad ook as gevolg van vertoë uit verskillende oorde gewysigde prosedures in hierdie verband ingestel.

VERWYSINGS

1) COETZEE, J. C.: **Onderwys in Transvaal, 8.**
2) COETZEE, A. W.: 86.
3) MALHERBE, E. G.: **Education in South Africa, 8.**
4) ONDERWYSWETTEN VAN 1907, 1908 en 1909, 31.
5) COETZEE, J. C.: **Onderwys in Suid-Afrika, 309.**
6) T.O.D.-VERSLAG 1911, 15.
7) T.O.D.-VERSLAG 1927, 16.
8) T.O.D.-VERSLAG 1929, 9-10.
9) T.O.D.-VERSLAG 1935, 148.
10) VGL. T.O.D.-VERSLAG 1935, 146-148.
11) T.O.D.-VERSLAG 1952, 18.
12) T.O.D.-VERSLAG 1964, 23.
13) T.O.D.-VERSLAG 1965, 37.

Die kerklike bearbeiding van gevangenes

Deur DR. L. M. LE ROUX

I. Die Bybelse opdrag en grond vir die arbeid

Die kerk van Jesus Christus het 'n duidelike opdrag in die Bybel ontvang vir die arbeid onder gevangenes.

Wanneer die Christelike kerk die ware godsdiens beoefen, moet hy aan die noodlydendes barmhartige hulp verleen. Onder die wat in nood verkeer, noem Jesus Christus in Mat. 25:36, die wat in die gevangenis is. „In die gevangenis was Ek en julle het na My gekom." So sterk beklemtoon Hy hierdie opdrag dat Hy in vers 40 sê: „vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen."

Die geloof in Jesus Christus neem gestalte aan in hierdie wêreld. Die kerk wat die geloof in Jesus Christus ontvang deur die Woord en die Heilige Gees, sorg dat daar gestalte kom. Een van die gestaltes is dan om die wat in die gevangenis is, met die beste wat daar is te versorg. Dit is die bring van die evangelie tot die gevangenes. Gevangenisstraf is 'n groot nood van die mens. Behalwe die verlies van die vryheid en die eensame afgeslotenheid van familie en vriende was daar in die tyd van die Bybel mishandelinge, bespottinge, verkleinering en veragting van die gevangenes. Vir die gevangene van daardie tyd maar ook van ons dae, is die evangelie van Jesus Christus die enigste werklike troos en bemoediging. Jesus Christus — hoewel onskuldig — het medegevangene geword en gedeel in die uiterste straf vir 'n gevangene. Dit het Hy ondergaan ook ter wille van alle gevangenes. Deur sy gevangskap en uiterste straf wat Hy moes ondergaan, neem Hy alle skuld van die skuldige gevangene wat in Hom glo, vir ewig weg.

Die eerste belofte van ewige heil aan 'n gevangene, het Christus self uitgespreek. Aan die kruis waar Hy gesterf het tot versoening van die sonde, ook van die gevangenes, het Hy die paradys-saligheid toegesê aan 'n groot misdadiger wat sy toevlug tot die Verlosser geneem het.

Reeds voor die kruisiging en opstanding van Jesus Christus, is die blye boodskap aan 'n gevangene gebring. Terwyl Johannes die Dopper in die gevangenis was, het sy hunkering uitgegaan na Jesus Christus in die vraende bede: „Is U die een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" Toe het Jesus aan die dissipels opdrag gegee om die

evangelie na die gevangene te bring: „Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien: blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig. En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie" (vgl. Mat. 11:2-6 en Luk. 7:18 v.v.).

In die boek „Handelinge van die Apostels" lees ons dat Paulus en Silas in die gevangenis te Filippi, gebid het en lofliedere tot eer van God gesing het. „Die gevangenes het na hulle geluister" (vgl. Hand. 16:25). Dieselfde nag het hulle ook aan die tronkbewaarder en almal wat in sy huis was, „die Woord van die Here verkondig" (vgl. Hand. 16:33). Op die sielenoodkreet: „Wat moet ek doen om gered te word?" het die verkondiging, die proklamasie gevolg: „Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word."

II. Gestaltes van die arbeid aan gevangenes

Die Openbare Godsdiensoefening

Die openbare godsdiensoefening of erediens, is die mees sentrale gestalte van die kerk. Nêrens word die vervreemding van die kerk en die verbreking van alle bande met die kerk en die godsdiens duideliker as in die gevangenis nie. Buitekerklikheid met sy twee kategorië namelik die wat vervreemd geraak het en die wat totaal buite alle verbande met die kerk verkeer, is 'n algemene verskynsel ook buitekant die gevangenis. In die gevangenis egter is dit baie meer opmerklik.

Die grootste getal gevangenes is half vervreemd, vreemd of totaal buitekerklik. Baie is sover vervreemd dat selfs die skok van hulle vonnis en die gevangenis met sy toe deure na die straat maar sy oop deure na die openbare godsdiensoefening op Sondae, geen verandering teweegbring nie. Die kerkvervreemding of totale buitekerklikheid handhaaf homself dus deur hierdie skokke heen. Dit is 'n bewys dat die oorsaak van die situasie in verband met die kerk by hulle so diep geleë is, dat selfs die ontsaglike nood waarin hulle beland het, geen moontlikheid tot verandering help bring net nie. Nood leer nie altyd **bid** nie. Nood leer net sowel **vloek**. In die gevangenis is dit baie duidelik dat 'n mens deur die nood verhard en steeds dieper gevestig word in jou negatiewe houding ten opsigte van die kerk en die godsdiensoefening.

Op die dieper liggende oorsake van die kerklosheid van ons tyd gaan ons nou nie hier grondig in nie. Verskillende motiewe en denkrigtings het daartoe bygedra byvoorbeeld die **positiwistiese depresiasie** of waardevermindering van die erediens, godsdiensoefening en geloof, wat die godsdiens beskou as behorende tot die kinderfase van die mensheid, waarvan hy deur ontwikkeling moet loskom. Op die hoogste trap van ontwikkeling sal alle reste van religie en metafisika uitgeskakel word deur die konsekwente rasionalisme. Gosdiens en sy uiting in die erediensgestalte pas slegs by die geesteskrag van 'n kind wat nog onontwikkel is, of by die ouderdom waar die geesteskrag afgetakel is.

So 'n denkrigting wat nie in die studeerkamers of studiesentrums gebly het nie, maar na die straat en gewone man gekom het, moes

noodwendig die kerk en veral sy sentrale gestalte naamlik die openbare godsdiensoefening, diep ondergrawe. In die gevangenis word dit baie duidelik.

Daar is nog ander kerkondermynende denkstrominge wat verwoestend deurwerk. Ek noem nog twee van hulle: die **idealisties-kulturele** verwêreldliking van die gosdiens. Dit kom in hoofsaak daarop neer dat elke kultiesgekenmerkte godsdienstigheid opgelos moet word daarin dat godsdiens net 'n lewens- en wêreldvroomheid is. Godsdiens moet net lewensoorgawe aan 'n godheid wees wat net in verband gedink word met **hierdie sy** van die lewe. Wat die kulturele aspek betref, is die godsdiensbedrywigheidsveld vir die mens die kultuurterrein. Dan is die konsert wat Christelik georiënteer is en die film byvoorbeeld die beste gestalte vir die nog primitiewe hunkering om saam godsdiens te beoefen. Laastens wil ons die **spiritualistiese verinnerliking** van die godsdiens noem. Dit beroep hom teenoor elke objektiewe gestalte van kerklike vroomheid op die onmiddellike geestelike ervaring van die enkeling. Die stroming se beginpunt lê ver agter in die geskiedenis. Die openbare godsdiensoefening is hier ook van ondergeskikte betekenis. Hierdie sienswyse se spore kry ons in die mistiek van die dertiende en veertiende eeue, dwarsdeur die geesdrywery in die tyd van die Reformasie, regdeur die Piëtisme van die laaste eeue en tot in die teenswoordige tyd. Die stroming het des te noodlottiger vir die kerk met sy openbare godsdiensoefening geword toe dit vervloei het in die grondoortuiging van die idealisties-rasionalistiese „verligting" waar die innerlike geestelike ervaring plek inruim vir die „Vernunf" (rede, verstand). Om 'n idee te kry van hoe ondermynend die stroming inwerk op die wesenlike van die openbare godsdiensoefening van die kerk, moet ons luister na die verkondiging van 'n prediker, teen die einde van die negentiende eeu, wat 'n aanhanger was van die gedagterigting. Hy het gepreek oor die bekende woord van Jesus Christus: „Ek is die lig van die wêreld." Hy vra toe „Wat is die lig wat hier genoem word?" Toe vervolg hy en sê: „moenie skrik nie, geliefdes: die lig is die rede, die verstand." Hierdie prediking het hy toe al reeds voor leë banke gehou.

Ek noem hierdie paar motiewe, wat die wesenlike waarde van die openbare godsdiensoefening van die gemeente subtiel ondergrawe het, omdat ek die deurwerking daarvan by die kerkvervreemdes en buitekerklikes in die gevangenis die afgelope jare duidelik bespeur het.

Daar is natuurlik naderby liggende oorsake van die afval en vervreemding, byvoorbeeld die gebrekkige kerklike leiding en vorming in die huis, die verwaarlosing van die opsig deur die ampsdraers van die kerk, die oppervlakkige kategese, verkeerde vriende en nog meer. Maar laasgenoemdes het in die dieper bodem van die eersgenoemdes, vrugbaarheid tot toeneming en vestiging in die vervreemding van die erediens, gevind.

Dit is egter die donker sy in verband met die erediens in die gevangenis. Daar is ook in die gevangenis diegene wat ook in die tyd van Elia, deur Gods genade, daar was.

Dit is hulle naamlik wat nie die knieë voor baäl buig nie. Baie het weer deur die nood leer bid. Baie het juis in die eensaamheid van die gevangenis tot besinning gekom. Daar was die geleentheid vir die Here

God wat nooit die werke van sy hande laat vaar nie, om voort te werk in hulle en met hulle, wat soos skape gedwaal het. Daar kom hulle weer terug tot wat hulle van kleins af in ouerhuis, kategese en dagskool geleer het. Waar hulle in hul vryheid geen waarde meer geheg het aan die erediens van die gemeente nie, of in hul jonkheid by hierdie voorreg en rykdom verby gelewe het, kry hulle in die gevangenis weer geleenthede daarvoor. Die openbare godsdiensoefening kry weer sy groot waarde terug. Hulle ontdek dat die Here God wat in 'n ontoeganklike lig woon, Homself ontsluit, en aan ons sy nabyheid skenk in Jesus Christus, wat die evangelie, die blye boodskap, gebring het. In die erediens geld sy belofte: waar twee of drie in my Naam saam is, daar sal Ek in hulle midde wees. Hulle kom en ervaar dat in die erediens daar deur die Woord en Heilige Gees 'n ontmoeting met Jesus Christus self is. Hy is daar in sy Godheid, majesteit, genade en Gees. In die erediens vind 'n ontmoeting met Christus plaas. Daar is geleentheid vir 'n eensame om die mees verkwikkende gesprek te voer. God spreek met sy onwankelbare woord en gee sy onfeilbare beloftes, en deur sy Heilige Gees maak Hy die harte en verstand daarvoor oop. Hy stel ons in staat om daarop te antwoord in belydenis, lied en gebed. Dan kom hulle tot die regte insig in verband met wat openbare erediens vir die hele lewe beteken.

Die groot dwaling wat ons bo genoem het val weg en die besef van die noodsaaklikheid van gereelde invoeging in die erediens, vind gestalte. In die openbare godsdiensoefening kry ons geleentheid om ingeoefen te word, om in die lewe wat volg, in gehoorsaamheid aan die wil van God verder te gaan.

Die Sielsorg vir die gevangenes

Naas die krankesielsorg het die kerk lank reeds besef dat hy sy taak, naamlik die sielsorg vir die ander noodlydendes, die gevangenes, nie moet versuim nie. In Engeland het John Howard (1726-1790) en Elizabeth Fry (1780-1845) die eerste wegwysings daarheen besorg. In Duitsland kan dit teruggevoer word na die arts, dr. Julius (1783-1862) en veral na J. H. Wichern. Vandag is dit in volle werking oral deur alle lande en volke waar die Christendom aanwesig is.

Die prinsipiële sy van sielsorg.

Die grond vir die sielsorg aan gevangenes is die Heilige Skrif. Die sielsorger moet sy Bybel gebruik en voortdurend die Skrifte ondersoek. Wie die kennis van die Bybel het, het ook die juiste begrip vir die mense. Die vertroubaarste antropologie vind ons in die Bybel. Daar vind ons deur die Heilige Gees kennis van God, maar tegelyk die regte kennis van die mense in alle situasies van die lewe.

Sonder grondige Skrifstudie en Skrifkennis kan daar geen sielsorglike arbeid in die gevangenis plaasvind nie.

Doel van die sielsorg.

Die doel van die gevangenesielsorg is om die gevangene deur die Woord van God, met die spraakvermoë van 'n mens tot die Woord van God te bring. Dit vind in die ruimte van die kerk van Jesus Christus

plaas. Waar twee of drie saam is, daar is Jesus Christus self in die Heilige Gees aanwesig — as dit in sy Naam en tot sy eer geskied. Die essensiële is steeds die werking van die Heilige Gees waarvoor bede sielsorger sowel as gevangene moet bid. Oor die bede staan die belofte: Sal God dan nie sy Heilige Gees gee aan die wat Hom daarvoor bid nie?

Die praktyk van die sielsorglike arbeid.

Die vorm of gestalte van die sielsorg is die gesprek. Die gesprek word gekenmerk deur noukeurige en oplettende aanhoor van die Woord van God en oplettende en noukeurige aanhoor van wat die gevangene sê. In die lig van Gods Woord kan sielsorger en gevangene mekaar begryp en reg kommunikeer. Sonder die Woord van God en die werking van die Heilige Gees, is daar geen kontak tussen die twee nie.

Deur Gods Woord kom beide tot die selfkennis. Albei kom te staan in die gemeenskaplike mensenood. Albei ervaar deur Woord en Gees die enigste verlossing uit die nood, naamlik die verlossing deur Jesus Christus, wat vryspreek. Sy spreke is tegelyk sy **daad.** Die gesprek wat so plaasvind neem die hele veld waarin sielsorger en gevangene verkeer met groot erns. Daar is allerlei faktore in die veld werksaam wat hulle nie so maklik laat verdring nie. Daar is byvoorbeeld allerlei psigologiese, sosiologiese, morele, wêreld- en lewensbeskoulike gegewens wat hulle laat geld. Alles moet egter onder die beoordeling van Gods Woord kom. Die insig en sekerheid dat hulle, soos alle menslike, relatief en voorlopig is, kan egter nie sonder worsteling verkry word nie. Daarom is die gesprek nooit 'n gesprek met hoë emosies nie, nie 'n twisgesprek nie, maar tog 'n **strydgesprek** om die oordeel van God tot heil van die mens te laat seëvier. Daarom is die slot van elke sielsorglike gesprek die lees van die Heilige Skrif en die gebed. Daar word tenslotte deur albei, sielsorger en gevangene gebuig, onder die Woord deur die Gees van God.

Die inhoud van die gesprek.

Die inhoud van die gesprek is dieselfde as die inhoud van die verkondiging in die gestalte van die prediking naamlik **die vergewende genade van God in die soenverdienste van Jesus Christus aan die kruis.** Die verkondiging in die gespreksvorm kom in nederigheid maar met die **volmag** van die Woord van God deur die krag van die Heilige Gees. Beide sielsorger en gevangene is in die gesprek voorwerpe van die genade van God. Die geweldige troos in so 'n gesprek is te danke aan die **volmag** van die Woord van God wat die vergewing onvoorwaardelik aanbied. Die volmag is nie beperk deur enigiets wat in die mens geleë is nie. Dit is onvoorwaardelik. Die sondaar kom soos hy is, gehoorsaam aan die goddelike roepstem: „Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." (Mat. 11:28.)

Slotopmerking.

Hierdie artikel bied geen volledigheid in verband met die gevangene-bearbeiding deur die kerk nie. Dit stel slegs 'n riglyn, waarlangs die arbeid in die twee hoofgestaltes, naamlik erediens en sielsorg gaan. Daar is ook nog die belangrike kategese-arbeid. In die gevangenis kry ons dikwels die dooplidmate wat in onverskilligheid versuim het om hulle gereed te maak vir die aflegging van die openbare geloofsbelydenis. In die gevangenis kry hulle dan die geleentheid.

'n Verdere belangrike stuk van die arbeid, wat veral in die sielsorg verrig word, is die voorbereiding van 'n gevangene om hom met vrymoedigheid, as hy vrykom, in te voeg in sinvolle diens in kerk en maatskappy.

Daar is nog allerlei ander sake wat ons nog nie kon aandurf nie, omdat die arbeid hoogs deeltyds gedoen kan word tot dat die kerk in staat sal wees om 'n meer voltydse arbeider daarvoor af te sonder. Tog moet ons dankbaar wees dat ons kerk lank reeds hier bewus is van sy belangrike opdrag om die gevangenes te bearbei.

Mag die seën van die Here hierop rus.

Kommunisme in Afrika

Deur DR. C. J. VILJOEN

'n Bestudering van die belangrike wêreldverskynsel van die kommunisme vandag, toon verwarrende aspekte vir die oningewyde leser. Die verwarring spruit uit die oënskynlike verskille wat daar bestaan tussen die basiese kommunistiese leerstellings soos dit as Marxisme-Leninisme voorkom, en die toepassing daarvan in die huidige situasie in Afrika.

Belangrike aspekte van die kommunisme

Die kommunisme volgens sy bepaalde struktuur is redelik voorspelbaar in sy optrede en oogmerke. Dit is nie nodig om 'n diepgaande uiteensetting te gee van al die **filosofiese grondslae** van hierdie ideologie nie — ons kan verwys na 'n insiggewende artikel van **prof. A. D. Pont** in die Almanak van 1965, en na die publikasies van Antikom. Tog moet die een en ander gesê word.

Die kommunisme, as 'n **reël van lewe** vir die mens, spruit uit die filosofiese werk van **Karel Marx** en **Frudrich Engels**, twee Duitse filosowe van die 19de eeu. 'n Man met die naam van **Lenin** het hulle leerstellings geneem en prakties in **Rusland** begin toepas, vanwaar hierdie ideologie 'n geweldige dinamiese potensiaal getoon het, soos te sien is in die ontwikkeling en verspreiding daarvan oor baie lande heen. Eienaardig genoeg kom mens agter dat die leerstellings van die kommunisme gebuig moes word om by die eise van verskillende omstandighede aan te pas. Hierdie feit het egter nooit die loop van die kommunisme veel gestrem of sy basiese leerstellings vernietig nie. Ons kry vandag selfs 'n paar „soorte" kommunisme — dié van **Rusland, Sjina** en **Joegoslawië** byvoorbeeld.

Die kommunisme wil vir die mens op aarde **lewensruimte** skep op al die bekende lewensterreine. In hierdie grootste ontwerp word alle aspekte van die aardse bestaan van die mens gedek, en word 'n uiteensetting gegee van die oorsprong, werking en ontwikkeling van die mens en sy wêreld. Juis die Christendom sien hierdie stellings van die Marxisme in 'n ernstige lig, omdat die Christelike geloof op grond van die Bybel sy eie bepaalde uitsprake het oor die mens en sy wêreld. Hierin is God die belangrike, as die Skepper van alle dinge, en die Onderhouer daarvan, Wie se wil duidelik in die Heilige Skrif geopenbaar

is as die **enigste reël** vir oor leer en lewe. Daarteenoor is die sienswyse van Marxisme hieromtrent totaal anders. Al hierdie dinge word verwerp; daar bestaan geen God wat alles geskape het nie, en daarmee verdwyn ook sy goddelike gesag oor die menslike samelewing in hierdie lewe. Daar kom 'n totaal nuwe lewensorde vir die mens, wat op 'n ateïstiese manier bepaal word, en wel sodat daar 'n nuwe „godsdiens" tot stand kom, wat gebaseer is op die materialistiese opvatting van die sogenaamde „bewegingswette". Dit beteken kortliks dat alles uit stof, materie, bestaan. Hierdie stof is nie staties nie, want mens sien dat daar so-iets as beweging, ontwikkeling is. Die materie is innerlik dinamies, en word beskryf as materie wat in beweging is. Hierdie materie-in-beweging sluit die natuur, mens en samelewing in. (Ons ken die natuur as stof, plant en dier. So kom mens daarby uit dat daar geen wesenlike verskil is tussen die mens en 'n dier nie — die mens is alleen 'n beter en hoër vorm van materie.)

Die **ontstaan** van alles moet nou verklaar word uit hierdie ontwikkeling of ewolusie wat plaasvind, voortspruitend uit die inherente dinamiek van alle materie. Binne die materie is daar 'n eenheid van teenoorgestelde kragte of pole wat teenmekaar werk, sodat mens kan praat van 'n **stryd van kragte,** waaruit ontwikkeling gebore word. Hierdie gedagte van stryd is sentraal in die filosofiese denke van die Marxisme, en word op elke terrein van die lewe toegepas. Uit die stryd kom een van die kragte seëvierend as 'n sterker en beter element tevoorskyn. So vind mens dat ontwikkeling (vooruitgang) en stryd, konflik, botsing, hand aan hand met mekaar saamgaan.

Daar kan nog noukeuriger onderskeiding in hierdie ontwikkelingstryd wees, en dan word daar gepraat van **ewolusie** en **rewolusie.** Eersgenoemde is 'n stadiger proses, wat egter oorgaan in 'n vinniger, onafwendbare proses van rewolusie. Ewolusie en rewolusie volg mekaar noodwendig en onafskeidelik op.

Hierdie opvattings word natuurlik uiteindelik van toepassing gemaak op die menslike samelewing, en beweeg die sake op staatkundig-politieke terrein. As mens na die **samelewing** kyk, onderskei mens daar twee basiese groepe: die besittersklas en die besitlose klas. Die eerste kan die kapitaliste genoem word, en die tweede klas is die werkers. Hierdie twee klasse verkeer in stryd met mekaar, en na die onafwendbare botsing en rewolusie moet die stryd besleg wees. Die resultaat is 'n **sosialistiese staat,** waarin **alle grense** uitgewis moet word, want die verbeterde toestand moet na die volmaakte begin reik. Ook **nasionale grense** tel nie meer nie, want hierdie rewolusie moet wêreldwyd plaasvind en die proletariaat van alle lande insluit. Samevattend kan hier gewys word op **enkele** primêre oogmerke van die kommunisme, soos dit wêreldwyd begeer word: —

- Die vernietiging van die kapitalisme deur onder andere afskaffing van privaatbesit en erfreg, en die nasionalisering van produksiemiddele.
- Die bestryding en vernietiging van godsdiens, veral die Christelike godsdiens, en die daarstelling van 'n materialistiese ateïsme.
- Vernietiging van alle klasse en verskille, uitwissing van grense tussen volkere deur 'n radikale internasionalisme. 'n Klaslose, staatlose maatskappy moet tot stand kom.

Hierdie doeleindes word aktief in die hele wêreld bevorder, openlik en bedektelik. Daar word veral toegespits op die arbeiders, die hordes van arm en besitlose mense. Hulle maak van enige middel gebruik, omdat hulle geen reëls in die spel erken behalwe die reëls wat hulle self gemaak het nie. Hulle aarsel nie om chaos en anargie te bewerkstellig nie, want uiteindelik moet die stryd oorgaan in rewolusie, en sal bloed en geweld hoogty vier. Geen wonder dat Afrika met sy miljoene onderontwikkelde, arm en besitlose mense so 'n ruimskootse geleentheid gebied het aan die kommunistiese belofte van 'n hemel op aarde, waarin alles van die besitters weggeneem sal word en vir die volk gegee sal word nie. En juis Afrika, ongeletterd en onontwikkeld, is 'n maklike prooi omdat hulle nie altyd in staat is om deur die leuen te sien en hulle te vrywaar van 'n groter slawerny en ellende as wat hulle ooit geken het nie.

Die toestand in Afrika

Sedert die vyftiger en sestigerjare het Afrika 'n tydperk van **dekolonisasie** ingegaan. Daarmee is 'n lugleegte geskep wat deur die kommunistiese moondhede, Sowjet-Rusland en Sjina, na die beste van hulle vermoë gevul is. Hulle het dadelik 'n **beleid** begin volg wat daarop gemik was om hulleself die beste te bevoordeel. Hulle het 'n sterk anti-koloniale houding ingeneem, en tree as die groot kampvegter vir die **vryheid en regte** van die swart volke op. Die hoofdoel met hierdie aangryp van Afrika-nasionalisme en Pan-Afrikanisme was die verdere bestryding van enige Westerse invloed. Mens moenie uit die oog verloor dat dit eintlike kommunistiese doelwit algehele wêreldoorheersing is nie. Hy wil Afrika self inpalm; maar belangriker nog, besef die kommuniste die waarde van Afrika, en veral strategiese waarde, in die groot stryd om die res van die wêreld. Afrika is dus 'n pion op die bord waarop die wêreldstryd afgespeel word. Trouens, mens kom dit vroeg al in die Marxistiese geskryfte teë dat Afrika uitgesonder word as dié kontinent wat van beslissende belang sal wees in die stryd om die wêreld.

Die stryd om Afrika is dus aan die gang. Die Sowjetunie en Sjina voorsien ruimskoots **geld, wapenhulp** en **mannekrag** aan die verskillende Afrikalande se wankelende ekonomië, en dit verseker dat die deure vir hulle oopgaan. Hulle knoop diplomatieke betrekkinge aan, en soms lyk dit na 'n wedloop tussen die twee kommunistiese reuse om die goedgesindheid en gasvryheid van die betrokke swart state. Hulle eie nasionale belange speel onteenseglik 'n rol. Hulle is beslis self nie vry te pleit van 'n eie nasionalisme nie, naamlik 'n kommunisme wat bevorder word in die nasionale kleed van die moederland. Sjina slaag natuurlik in Afrika uitmuntend daarin om hierdie selfsugtige motiewe heeltemal te kamoefleer.

So rig die twee kommunistiese kampioene hul oë op Afrika met baie sake in die gedagte. Die strategiese belang van die olierykdomme en die lande in Noord-Afrika is 'n groot faktor in Rusland se politieke oogmerke. Daarom het Egipte, die Soedan, Algerië en Morokko besondere aandag ontvang, en was wapenhulp aan Egipte uiters belangrik. Aandag aan Afrika beteken ook die uitbreiding van handelsbelange wat vir die kommunistiese moederland van betekenis is. Vir die Sowjet moet sy Afrika-beleid ook 'n stabilisering beteken van 'n defensiewe **beskermingspatroon** wat hy besig is om op te rig teenoor moontlike toekomstige

agressors. Daarteenoor is dit ewe waar dat albei die moondhede besig is om die toekoms te bolwerk vir hulle eie beoogde **agressiewe optrede** waarna reeds verwys is — ideologies, maar ook nasionaal. Daarvoor het hulle, om mee te begin, 'n vastrapplek in elke Afrikaland nodig, deur die diplomatieke sending, handelsbetrekkinge, militêre geriewe en voorregte. Indien moontlik, moet daar 'n regering wees, wat indien nie self kommunisties nie, ten minste die kommuniste goedgesind is. Dit is dan ook nodig om kortliks te wys op wat reeds in Afrika in die verband gebeur het.

Afrika-hulpverlening

Die bekendste bemoeienis en hulpverlening van die kant van Sowjet-Rusland het by die midde-oosterse krisis en probleme rondom die Suezkanaal plaasgevind. **Egipte** het baie voordele ontvang in ruil vir die enorme wins van 'n toegang tot die kanaal en die Indiese Oseaan. Ekonomiese hulp aan Egipte bedra 54% van alle Sowjethulp aan Afrika — R1 328 miljoen in die tydperk 1954-1971. Daarby is die betekenis van die Aswandam-projek in die Nyl onberekenbaar — iets waarmee die Weste nie wou help nie, en wat aan Rusland 'n geleentheid gebied het om 'n lang tyd sy invloed in Afrika te laat geld.

Hierdie belangstelling in Noord-Afrika beteken vir die **Arabiese wêreld** veral baie, en Moskou skroom nie om as kampvegter van Arabiese belange op te tree nie. Die invloedsfeer het ook uitgebrei: Algerië kry 'n groot hap van Russiese hulp: Geld, wapens en tegnici. Handelsbetrekkinge verstewig en Rusland is ongetwyfeld verseker van etlike strategiese militêre voordele. Weswaarts is ook hulp aan **Morokko** gebied.

Die groot wins vir Rusland is verder Somalië, aan die oostelike horing van Afrika, strategies geleë in 'n dominerende posisie ten opsigte van Suez en die Rooi See asook die Indiese Oseaan. Dit is by skrywe hiervan 'n hele kontrovers in hoeverre Rusland aldaar missielbasisse het. Ongetwyfeld bestaan daar hawegeriewe vir die Russiese vloot. Somalië ontvang wapenhulp tot dusver ter waarde van R30 miljoen saam met 'n geskatte 5 000 militêre adviseurs.

Meer na die suide is dit opvallend dat die Sowjetunie minder bestee aan ekonomiese en militêre hulp. Daarby word opgemerk dat die lande met 'n hoë rewolusionêre potensiaal die meeste aandag kry, byvoorbeeld Guinee, Kongo-Brazzaville en Tanzanië. Daar is darem ook hulp verleen aan Nigerië (waar onder meer 'n staalnywerheid gevestig en 'n lugdiens ingestel is), Zaïre, Uganda, Mali, die Sentraal-Afrikaanse Republiek en Kenia. Verdere verbintenisse met Madagaskar en Mauritius rond die prentjie af.

Die volgende syfers bied 'n goeie insig in die toestand by wyse van vergelyking. Dit verteenwoordig ekonomiese hulp van 1954-1971 deur die Sowjetblok:

Egipte	R1 328	miljoen
Algerië	370	"
Soedan	155	"
Tanzanië	18	"
Guinee	148	"
Zambië	4	"

Wat natuurlik interessant is, is die Sjinese toetrede tot die arena. Hulle het veral vanaf 1970 'n belangrike faktor geword. Ons haal aan uit 'n publikasie van die Departement van Inligting: „Rooi Sjina het sy hulp aan Afrika sedert die begin van die sewentigerjare verdubbel. Sommige bronne beweer selfs dat Rooi Sjina nou 100 keer meer in Afrika bestee as die Russe. Die R350 miljoen Tanzamspoor het 'n geweldige stimulus aan die Rooi Sjinese hulppoging verleen. Teen 1972 het Sjinese hulp aan Afrika 40% van Sjinese oorsese hulp verteenwoordig, teenoor 20% van die sestigerjare. Tot 1970 was Peking se hulpbewilliging aan Afrika suid van die Sahara ongeveer R45 miljoen werd, waarvan slegs die helfte opgeneem is. Tussen 1970 en 1973 was die totaal R700 miljoen waarvan feitlik alles opgeneem is. Die getal Afrikalande wat Sjinese hulp ontvang, het van 11 in 1970 na 23 aan die einde van 1973 gegroei. In 1972 is hulpooreenkomste met lande aangegaan wat nooit voorheen enige noemenswaardige hulp van Sjina ontvang het nie: Mauritius, Togo, Rwanda, Burundi, Ghana, Kameroen, Zaïre en Ethiopië." Op die oomblik het 32 Afrikalande diplomatieke betrekking met Rooi Sjina.

Probleme vir kommunistiese uitbreiding

Die weg van kommunistiese invloed en uitbreiding in Afrika was egter nie met rose besaai nie. Ten spyte van hulle oënskynlike ruimhartigheid geniet hulle nie geheel-en-al die vertroue van hulle gashere in Afrika nie, en verg dit van hulle fyn **diplomasie en beplanning** om hulle greep op Afrika te verkry en te verstewig. Dit bly egter 'n feit dat Afrika nie soos 'n ryp appel in die skoot van die kommunisme geval het nie. Sou die lande bedag wees op 'n herhaling van die uitbuiting en oorheersing deur sekere koloniale moondhede? Dit is darem ook waar dat die eertydse bewinde 'n groot mate van stabiliteit en vrede in Afrika beteken het. Die groot faktor van belang is egter die vryheidsdrang wat 'n sterk **gees van nasionalisme** oral ontketen het. Dit is hierdie nasionalisme wat vir 'n „ortodokse" kommunisme met sy radikale internasionalisme moet nee sê. Ironies genoeg het die kommuniste self baie gedoen om die vryheidsdrang aan te wakker. Dit is dus nie verbasend dat die kommuniste as 'n politieke party vroeg al in sommige lande verbied is nie (vergelyk Egipte in 1952 en die Soedan onder Nemeiry). Waar die party-organisasies werksaam was, het dit gou geblyk dat hulle oogmerke te ooglopend was toe hulle begin het om byvoorbeeld rewolusionêre bewegings te ondersteun.

Die **kommunistiese propaganda** self vind ook nie maklik inslag by die massa van Afrika nie. Hulle is in die algemeen te onontwikkeld, terwyl die lae syfer van geletterdes ook hiermee iets te doen sal hê. Daarby is die **etnies-gedomineerde samelewings** soos dit in Afrika voorkom, gladnie bevorderlik vir hierdie ideologie nie. In die noorde het Rusland lankal agtergekom dat die sterk **godsdienstig-georiënteerde gemeenskappe** (Islamities) nie vatbaar was vir die ideologie van die kommunisme nie. Dit was nog altyd sodat geen godsdiens (veral nie die Christendom nie) maklik versoenbaar is met die gedagtes van die kommunisme nie.

Die gewone kommunistiese bloudruk vir invloedsuitbreiding en agitasie hou verder rekening met die sogenaamde arbeidersklas, wat veral die produk van 'n geïndustrialiseerde samelewing is. Afrikalande kan egter nie beskryf word as sterk industrie-lande nie, en bygevolg is daar min geleentheid vir die vasgestelde patroon van vakbondinfiltrasie en so meer.

Die gestalte van Afrika-kommunisme

Dit alles bied egter min rede tot blydskap. Dit blyk dat die kommunisme in die praktyk **buigsaam en aanpasbaar is**, en elke geleentheid benut om 'n stap vorentoe te beweeg. Daar is in Afrika oorgenoeg armoede en ook uitbuiting, wat nog altyd die regte teelaarde vir die kommunisme is. Daarby moet mens opmerk dat hierdie mense glad nie so begaan is oor die **massas** as wat hulle voorgee nie. Trouens in Rusland self kry mens die verskynsel dat slegs 14 miljoen uit 'n bevolking van 245 miljoen werklike partykommuniste is. Dit word aanvaar dat so 'n bolaag van die bevolking wat die mag in hande het, genoeg is om die res in onderwerping te hou en te organiseer.

Intussen slaap die twee groot moondhede nie. Hulle poog steeds om die natuurlike **weerstand** van die nuut ontwaakte volkere teen hulle denkrigting stelselmatig te ondermyn. Ten spyte van die ongeletterdheid van miljoene pomp hulle 'n stortvloed teksboeke, pamflette, fotoverhale, koerante en films in die lande in. Die **radio** veral, wat deesdae so maklik rondgedra kan word, is vir hulle baie belangrik. **Uitsendings** na Afrika het geweldig toegeneem, en Moskou saai 1 600 uur per week in totaal na Afrika uit, en Peking het al die kerf van 1 300 uur per week bereik. Hulle gee tegnici en radiosenders aan Afrika-lande, en probeer soveel moontlike tale dek. In 1967 al het Moskou in Zoeloe uitgesaai. Omdat daar nie op die beproefde wyse bewindsoornames kan plaasvind nie, lê hulle hul veral toe op subtiele beïnvloeding en insypeling by die bewinde van die **eenparty-diktators**. Hulle werk deur die konsulaatskappe die invloei van adviseurs (ekonomies en militêr) met instrukteurs, soldate, arbeiders. Die meeste regeringsvorms is ontsabiel en dus van korte duur. Hulle buit elke situasie uit en dra sorg dat elke nuwe bewind tenminste sekere **kommunistiese oogmerke** verwesenlik. Die huidige situasie beteken gladnie vir hulle 'n ernstige terugslag nie. Die gewone **rewolusie-teorie** bestaan uit twee fases. Die **eerste fase** noem hulle die „burgerlik-demokratiese rewolusie". In hierdie fase word die bestaande regering uitgeskakel. 'n Volks-demokrasie of 'n republiek kan tot stand kom. Die kommuniste werk met enige groep saam om bewindsverandering te verkry, en verskans hulleself soveel as moontlik in die proses. Hulle skroom nie om die golf van nasionalisme end uit te steun en slinks ook vir hulleself te benut nie. Hulle probeer sover as moontlik om oortuigde kommuniste in **leiersposisies** te kry. Voortdurende wapenhulp en ander steun hou opstand en rewolusie aan die gang. Sowjetkommunisme sien geen selfverloëning daarin om hom heeltemal te identifiseer met 'n onafhanklikheidstrewe en nasionale bevrydingstryd nie. Dit word bloot gesien as 'n fase van ontwikkeling in die **kommuniste** se oogmerk met die land. As 'n land nie 'n sosialistiese bewind sou verkry deur sy vryheidsstryd nie, gaan hierdie fase normaalweg oor in 'n volgende, wat naamlik bestaan in 'n ondergrawing

van die huidige regering om hulle tot 'n val te bring. So begin **fase nommer 2,** wanneer die eerstydse bondgenoot maklik weer vyand nommer een word. Hierdie tweede fase word die „sosialistiese rewolusie" genoem, met oogmerk: 'n Kommunistiese staat.

Hierdie rewolusionêre strewe moet baie beklemtoon word. Om hierdie rede skep hulle die een konfliksituasie na die ander. Daar moet altyd **konfrontasie** wees. In Afrika word hierdie toestande veral deur propaganda-sette geskep. 'n Oordrewe meegevoel met die swartman word betoon, terwyl hy afgespeel word teen die wit onderdrukker, die vreemdeling in Afrika. Met demoniese voorbedagtheid stuur hulle op geweld af en huiwer geen oomblik om daarby terroriste-magte op te bou en te bewapen nie. Aan die een kant sal hulle werk vir die opheffing van grense, 'n internasionalisme, en aan die ander kant hulle beywer vir die totstandkoming van sogenaamde selfstandige, onafhanklike state.

Die gewete van die kommunis is werklik rekbaar. Die dialektiek waarin hy gedrenk is, maak dit alles moontlik. Hy kan een ding sê, en 'n ander bedoel. (Soms maak hulle van hierdie bedrog 'n fyn wetenskap: vergelyk The Strategy of Deception, deur J. J. Kirkpatrick. Hulle misbruik die taal om die werklikheid te verbloem.)

Op hierdie manier is daar binne sy konsep van rewolusie selfs ruimte vir vrede. Ja, vir vrede, vreedsame naasbestaan, tersydestelling van oorlog. Politieke ontspanning en vredespogings is vir hulle glad nie wat dit vir ons beteken nie; dit is eerder 'n dodelike fase in die stryd self, wat maar net op die bepaalde manier tot hulle voordeel gebruik word.

Die program van die K.P.S.U. (Oktober 1961) beskryf **vreedsame naasbestaan** amptelik as volg (en dit amptelike buitelandse beleid van Sowjet-Rusland):

- Dit is 'n tersydestelling van oorloë deur middel van onderhandelings;
- gelyke beregtiging tussen state;
- inagneming van ander state se belange en geen inmenging in hul binnelandse aangeleenthede nie;
- elke volk moet die reg hê om self oor sy landsprobleme te besluit.

Dit klink so goed dat mens dit byna as eie landsbeleid kan aanvaar! Hierdie program van die Kommuniste-party eindig egter nie daarmee nie. Oor **vreedsame naasbestaan** egter nog die volgende: Dit „vorm die grondslag vir 'n vreedsame kompetisie tussen Sosialisme en Kapitalisme.

... Met vreedsame naasbestaan besit die arbeidsklasse in die kapitalistiese lande gunstiger moontlikhede tot stryd: en val dit die volke van die koloniale en afhanklike lande makliker om vir hulle bevryding te veg."

Dit blyk dus baie duidelik dat die beleid geweld en oorlog geensins uitskakel nie; hier is 'n vrede wat stryd in die oog het, wat 'n **voorbereiding vir verdere stryd** bied. Die kwessie van oorlog is ook interessant: Hulle onderskei tussen wêreldoorloë, bevrydingsoorloë en volksopstande. Laasgenoemde twee soorte is toelaatbaar en onvermy-

delik, rewolusionêre oorloë waarin mense veg vir die reg om selfbestemming, vir sosiale en onafhanklike nasionale ontwikkeling. Hierdie oorloë word deurgaans sterk gesteun.

As al hierdie sake gestel word teen wat ons verstaan onder vreedsame naasbestaan, sien mens duidelik die rekbaarheid, aanpasbaarheid van hulle beginsels by heersende situasies, en dan met die intonasie van die leuen, want uiteindelik sal die program weer verander om die ware gedaante van kommunisme te toon, dan wanneer die godklinkende begrippe „nasionaal", „staat", „volk" plek sal maak vir die eintlike idee wat al die tyd veronderstel was.

Hulle neem aan 'n **spel** deel insoverre dit om **begrippe** gaan. Hulle het naamlik binne die raamwerk van hulle ideologie begrippe begin gebruik wat glad nie daar pas nie, wat eerder in die gedagtewêreld van die Weste tuishoort. Daarmee mislei hulle, en verwring die waarheid tot hulle eie voordeel en maak daarvan niksseggende propagandaspreuke. Die ware betekenis van hulle begrippe word slegs duidelik in die einddoel van die volkome kommunisme, waar dit blyk dat hierdie tussentydse en voorlopige begrippe heeltemal sal verdwyn.

Deel van hierdie spel met begrippe is die gebruik van woorde om die harde werklikheid te verberg. Dit is dan wanneer terroriste „vryheidsvegters" genoem word. 'n Ander deel van die spel weer is om die waarheid te verdoesel, en 'n sekere bestaansreg aan terme met 'n kommunisties-gevulde inhoud gangbaar te maak. Dink aan die woorde **bourgeois, reaksionêr, imperialiste.** So sal 'n regering bestempel word as fascisties (Suid-Afrika, byvoorbeeld) en dan word lede van die Suid-Afrikaanse Polisie „fascistiese skurke".

Hierdie spel is deel van die groter geheel, die werkmetode van die kommunisme, die groot aanslag deur middel van die kommunikasiemedia op 'n volk se innerlike deur hulle ondermynings- en indoktrinasieveldtogte. Afrika bly ook hiervoor die skyf.

Die **Sjinese aanpassing** by die werklikhede van Afrika bied 'n mooi voorbeeld, nie alleen vir die gewetenlose plooibaarheid van hulle beginsels nie, maar ook vir die dodelike gevaar wat die verskuilde gif inhou. Die Sjinese kommuniste se taktiek het daarop neergekom dat hulle 'n beleid van geen politieke inmenging, met hulp sonder voorwaardes aanbied. Die fisiese teenwoordigheid van derduisende Sjinese „arbeiders" wat geen eise gestel het nie, het egter 'n duidelike boodskap tuisgebring. Die beginsels wat Chou-En-Lai reeds in 1964 neergelê het, was hiervoor verantwoordelike. Dit het ondermeer behels:

- gelykheid en wedersydse ondersteuning;
- respek vir die ontvanger (van hulp) se soewereiniteit;
- lewenstoestande van Sjinese hulpverleners moet nie verskil van Afrikane in die gasheerlande nie, geen spesiale geriewe word gevra nie.

Daarby kom die feit dat Sjina met sy hulp aan terroristiese organisasies 'n besondere status verwerf het. Die Sjinese het hulle toegespits op gebiede waar die Russe nog nie noemenswaardige invloed gehad

het nie, asook later in streke waar Rusland sy vingers verband het. 'n Voorsprong is bes moontlik verkry uit die feit dat Sjina hom voordoen as behorende tot die nie-blanke rasse, self lid is van die ontwikkelende „landbouproletariaat", in beide gevalle anders as die Russe. Dit het van die Sjinese welkome gaste in die Afrikalande gemaak.

By die skrywe hiervan het die eerste Sjinese afvaardiging hulle opwagting in die nuwe Can Phumo gemaak, in ons buurstaat. Dit bevestig steeds die suidwaartse gang van die kommunistiese invloed, en bevestig steeds die gedagte dat dit om die hele Afrika gaan, ter wille van die magsoorname in Afrika met die oog op Europa en die V.S.A. Die bolwerk, nie maar net van die Weste in Afrika nie, maar van die Christelike geloof op hierdie vasteland, is ons eie Republiek. Hier lê die struikelblok en hindernis wat inderdaad die grootste vraagteken gaan plaas op die skynbaar onstuitbare gang van die kommunisme tot nou toe. Ons geloofskrag en koersvastheid sal van deurslaggewende betekenis wees vir die toekoms.

Verder moet rekening gehou word met die feit dat daar Christene in Afrika is, dat daar inheemse kerke in baie lande is, hoewel die meeste klein en betreklik ongeorganiseerd is. In die stryd wat hulle ongetwyfeld al stry, en ook verder sal moet voer, behoort hulle verseker te word van steun vanuit die suide.

Kommandant Willem Adriaan Venter.

Boereheld in die vreemde.

Deur MNR. A. B. VAN N. HERBST



Kommandant Willem Venter, sy vrou en hulle twee kinders. Om sy hals hang die kenteken van die ridderorde wat aan hom toegeken is en aan bors is een van die twee medaljes waarmee die Portugese hom vereer het.

Kommandant WILLEM ADRIAAN VENTER, oupa van ds. A. N. J. D. Alberts van moederskant, is in die distrik Rustenburg gebore op 25 November 1863. Sy ouers het later verhuis na Hammanskraal, 'n plaas naby Pretoria waar hy tot sy 11de jaar gebly het, waarna hy saam met sy ouers die Dorslandtrek deurgemaak het. Onder die ontsettende ontberinge van die Dorslandtrek, het hy sy vorming ontvang.

In die latere Boereskooltjie te Humpata, Angola het hy slegs drie maande katkisasie ontvang by sy latere veggeneraal, Andries Alberts.

Met die eerste tog, net ná die Berlynkonferensie in 1885 (by die konferensie het dit gegaan oor die vasstelling van grense) onder leiding van kol. Artur de Paiva, na die noorde van Angola om die Portugese landsbakens vas te stel, het hy reeds as gebore leier begin uitblink.

Daarna sou hy in bykans alle oorloë in Angola as kommandant van die Boere, die leiding gee.

In 'n skermutseling met die Hottentotte wat van tyd tot tyd uit die destydse Duitswes plundertogte onder die inboorlingstamme in Angola onderneem het en laasgenoemde deur die Blankes beskerm moes word, is hy in een geveg, van die sykant net bokant die heupe, tussen die rug en ingewande deurgeskiet. Hy het aanhou veg. Die tweede koeël het hom op dieselfde hoogte reg van voor deur die sy getref, ook dié keer sonder om ingewande of been te raak. Hy het toe geval en tot agter 'n klip gerol vanwaar hy nog steeds aangelê en geskiet het. 'n Derde koeël tref reg van voor op die loop van sy geweer, die koeël bars en 'n deel daarvan dring in sy wangbeen, 'n ander stuk langs die sluk in sy nek in en 'n derde splinter bly in die borskas steek. Nou was hy bewusteloos. Daar het sy maats hom ná die geveg opgestel en in 'n hangmat vervoer.

Die splinter in sy wangbeen is deur die dokter verwyder. 'n Ander stuk het hy later in die kerk, onder die sang, uitgehoes. Die derde stuk, in die bors, het hy self met 'n knipmes uitgehaal. Sy Portugese dokter het hom as 'n „wandelende wonder" bestempel omdat hy kon leef nadat twee koeëls deur sy liggaam gegaan het.

MAUSOLÉU DOS COMBATENTES
EM SA DA BANDEIRA

Die praalgraf opgerig te Sá da Bandeira, waar kommandant Willem Venter met volle militêre eer herbegrawe is.

Veldtogte waar hy onder andere leiding gegee het as kommandant, was teen die Humbi-stam, die Mulondo-ekspedisie, die „vlugekspedisie" teen die Kaumaties en daarna die „wenekspedisie" teen dieselfde stam in 1907 en die Kuanjama-veldtog.

Menige heldedaad op die slagveld word aan Willem Venter toegeskrywe. Hy was 'n kenner van die veld, gehard in die ontberinge: 'n kenner van die barbaar en sy verradelikheid.

Hy was 'n gebore gedissiplineerde militaris, iemand wat geen vrees geken het nie; 'n persoon wat op grond van sy heldedade deur die Portugese tereg opgehemel word in koerant, tydskrif en boek. Hy was die houer van die hoogste eerbewys wat aan 'n Portugese militaris toegeken word, naamlik die ridderorde en twee medaljes.

Kommandant Venter is op 6 April 1944 oorlede en is begrawe in die suide van Angola. Toe ds. Alberts, kleinseun van kommandant Venter, reëlings getref het om hom te laat opgrawe en in 'n Boerekerkhof in Humpata her te begrawe, het die „Liga vir Oudstryders" in Angola die familie oorreed om hom in die Portugese helde-akker, en wel in die mausoleum ('n praalgraf in Sá da Bandeira) te herbegrawe, met volle militêre eerbewys.

Hierdie herbegrafnis is deur ds. Alberts waargeneem op 14 Julie 1971. Die begrafnis is bygewoon deur die Suid-Afrikaanse Konsulgeneraal in Luanda, wat die Suid-Afrikaanse regering verteenwoordig het.

KOM EN GAAN

DS. S. J. STRYDOM

Op 10 Oktober 1914 is hy georden en het in die volgende gemeentes gestaan Krugersdorp, Makwassie (Bosmansrust), Gwelo (die hele Rhodesië), emeritus 1951 en daarna behulpsaam in Ons Tuis Pretoria. So was hy eerste predikant vir die bearbeiding van bejaardes. In 1968 is hy ook in Ons Tuis oorlede. Wes-Transvalers en Rhodesiërs sal hierdie sagte en vriendelike dominee so lank as wat hulle lewe, onthou.

PROF. DR. J. A. J. H. GREYVENSTEIN

Dr. Greyvenstein het sy werk as predikant in die Ned. Geref. gemeente Sutherland begin voordat hy in 1914 'n beroep na die Ned. Herv. gemeente Pretoria aanvaar het. In 1917 word hy die eerste teologiese professor uit ons kerk vir ons kerk, tot in 1945 toe hy sy emeritaat aanvaar het. In 1967 is hy oorlede.

Die invloed wat prof. Greyvenstein in ons kerk en veral die teologiese opleiding uitgeoefen het, was en is groot. Sy studentenaam „Ou Vadertjie" spreek boekdele. Vir 'n tyd lank was hy ook lid van die redaksie van die Almanak.

DS. S. VERMOOTEN

Op 17 Oktober 1915 word ds. Simon Vermooten in Zeerust tot predikant van die kerk geordeen en het in die volgende gemeentes gedien Zeerust, Potchefstroom, Pretoria (23 jaar), Pretoria-Noord en Losberg. In 1963 aanvaar hy sy emeritaat twee jaar voor sy oorlye in 1965. Benewens sy lang pastorale dienstyd het hy die kerk ook buite gemeentelike verband getrou gedien. Ons dink aan sy lidmaatskap van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Ds. Vermooten was een van die grondlêers van ons sendingwerk, ook nog van die Sendingvereniging. Baie predikante sal hom as gevierde prediker onthou uit hulle studentedae.

DR. H. D. VAN BROEKHUIZEN

Hierdie merkwaardige figuur het in sowel die Ned. Herv. en Ned. Geref. Kerk waardevolle diens gelewer.

Na die Rebellie het hy in 1917 predikant van die Ned. Herv. gemeente Pretoria geword totdat hy in 1925 eervolle ontslag ontvang het. Gedurende politieke stormjare in ons volk was hy op die voorpunt. Vir 'n tyd lank het hy ons land as ambassadeur in Nederland verteenwoordig. In 1953 is hy oorlede.

Ds. T. F. J. Dreyer

Die tiende Mei 1975 was 'n droewige dag vir ons kerk. Toe het dit God behaag om een van die steunpilare van die kerk weg te roep. Op 14 Mei 1975 is hy vanuit die kerkgebou van Voortrekkerhoogte, sy laaste gemeente, begrawe na 'n diens deur sy naamgenoot dr. T. F. J. Dreyer (Jnr.) van Noordrand.

Ds. Theunis Dreyer.

Theunis Frederik Jacobus Dreyer is op 10 Desember 1898 gebore as een van 'n tweeling op die plaas Leeuwpoort. Hy en sy broer ds. J. G. M. Dreyer het hulle kinderdae deurgebring op die plaas van hulle ouers Thomas Frederik Dreyer en Martha Fransina Oosthuizen. Soos almal wat in daardie jare groot geword het, was die eerste kennismaking met skoolonderrig, die ou plaasskooltjie waarheen die kinders van heinde en van verre gekom het. Die destydse vervoermiddels was, vir die gelukkiges, 'n donkie of donkiekar, die ander moes loop. Dit was in die jare net na die tweede Vryheidsoorlog. Die Milner-regime wou alles verengels. Ook die tweeling se eerste kennismaking met die skool was in Engels.

Na die plaasskool is hulle na die Gimnasium Hoërskool op Potchefstroom en daarna na Pretoria waar hulle aan die destydse T.U.K. gestudeer het. Einde 1922 het hulle afgestudeer en in 1923 is hulle na Nederland vir verdere studie. Op aandrang van die voorsitter van die Algemene Kommissie het hulle na 'n jaar besluit om terug te kom as gevolg van die predikante tekort in ons kerk.

Ds. T. F. J. Dreyer is op 19 April 1924 te Standerton georden. 'n Groot gedeelte van Oos-Transvaal en Noord-Natal is vanaf Standerton bearbei.

Die gemeentes was in daardie jare geweldig uitgestrek. Om by al die „buiteposte" te kon kom, is treine, perde en later motors gebruik. Sy eensame verblyf in die hoëveldse pastorie is op 19 Desember 1924 beëindig toe hy met mej. Johanna Groeneveld van Pretoria getroud is.

Met sy werkywer en wye belangstelling het die jong ds. Theuns Dreyer hom nie alleen aan sy gemeentewerk gewy nie maar hom ook beywer vir sy dorp en gemeenskap. Gou was hy reeds lid van die skoolraad en stadsraad en, soos later ook in Heidelberg (1941-54), vir 'n paar jaar burgemeester van sy dorp. Deur die amp het hy ook gedien op die Provinsiale en Uniale munisipale vereniging.

Namens die kerk het hy jare gedien op talle rade byvoorbeeld as verteenwoordiger by Sabra, die S.A.U.K., en M.E.I. Van lg. was hy jare lang voorsitter. Reeds tydens sy bediening te Standerton is hy gekies as Skriba van die Algemene Kerkvergadering. Die taak het hy met groot getrouheid vir 30 jaar onafgebroke gedoen. In hierdie taak het hy groot werk vir die kerk verrig. Dit het baie tyd en opoffering geverg omdat hy vir baie jare alle korrespondensie eiehandig moes doen sonder die hulp van 'n tikster of die hulp van die kerkkantoor. Benewens die talle kerklike rade en kommissies waarop hy die kerk gedien het, was hy vir baie jare redakteur van die Almanak en het hy meegewerk aan die Afrikaanse Bybel met verklarende aantekeninge.

Sy derde en laaste gemeente was Voortrekkerhoogte. Hierdie standplaas was die eerste as voltydse veldprediker van ons kerk. In hierdie gemeente het hy op 10 Desember 1965, na 'n bediening van 41 jaar en 8 maande, emeritaat aanvaar. Na sy uittrede is hy verkies as senator vir 'n periode van 5 jaar.

Sy laaste aantal jare het hy nog aktief meegewerk in die kerk. So was hy byvoorbeeld tot met sy dood weer redakteur van die Almanak. Met gretige dankbaarheid het hy steeds deelgeneem aan Woordverkondiging en sakramentsbediening. Dit het hy steeds beskou as die grootste voorreg dat hy kon deelhê aan die genadeverkondiging. Die laaste twee jaar het sy liggaamskragte vinnig afgeneem as gevolg van kanker. Die genade van God wat hy kon verkondig aan andere, was in die tyd van beproewing en sware lyding ook sy krag en sterkte.

Hy is ter ruste gelê met 'n teks wat hyself in 'n preekbundel gebruik het naamlik 2 Sam. 12:22-23 en 2 Kor. 5:1: „Ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele."

Dr. A. J. G. Dreyer

Ds. P. J. J. Venter

'n Kleurryke figuur onder die predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk is nie meer daar nie.

Ds. Pieter Johannes Jacobus Venter is op 18 Desember 1892 as 'n Wes-Transvaler gebore. Sy liefde vir sy geboortewêreld het hom bygebly tot die einde. Sy studies met die oog op predikant in die Nederduitsch Hervormde Kerk het hy aan die Universiteit van Pretoria begin nog voordat daar 'n teologiese fakulteit amptelik gestig was. Hy was daarom ook die eerste Hervormde predikant wat sy teologiese studies aan die Universiteit van Pretoria voltooi het.

Ds. Piet Venter.

Op 18 Junie 1921 word hy georden tot predikant van die kerk met Lichtenburg as sy eerste gemeente. Vir meer as 50 jaar was hy predikant in die gemeentes Lichtenburg, Delarey, Zeerust, Johannesburg, Klerksdorp, Bosmansrust, Roodepoort, Oos-Londen, Parys/Venterskroon, Vanderbijlpark-Oos (voltyds pastorale hulp) en Vredefort. Hy het emeritaat aanvaar maar het na herstel van kragte weer 'n beroep aanvaar totdat hy op 1 September 1972 weer emeritaat aanvaar het maar om nog daarna in Vredefort behulpsaam te wees.

Op 10 Julie 1975 is hy na 'n lang pynlike siekbed op Parys oorlede waar hy op 14 Julie 1975 te ruste gelê is.

Gedurende al hierdie jare het mev. Venter (gebore Hamman) hom getrou bygestaan en hom veral gedurende sy siekte opgepas soos 'n moeder haar kind. Vier seuns en een dogter is uit die huwelik gebore. Een seun is 'n aantal jare gelede al oorlede.

Ds. Venter is iemand wat in die kerk nie vervang kan word nie want daar is nie nog iemand wat soos hy was nie. Om hom te probeer nadoen, loop op 'n mislukking uit. So was hy in sy prediking, veral uit die Profete en die Psalms iemand wat oor 'n ryke taal en treffende beeldspraak beskik het. Menige luisteraar het gespanne geluister na diepe erns en geloofsoortuiging om dan dadelik weer ontspanne en met 'n glimlag na 'n vergelyking uit die alledaagse te luister om nog lank daarna daardie preek goed te onthou.

In sy pastorale werk was hy getrou en het dit geniet om die lidmate by hulle huise te besoek. In Die Hervormer het ds. Johannes Dreyer van hom gesê: „Dominee was hy en as sodanig wou hy lewe en sterwe. Hy sou geen ander taak so met die liefde van sy hart kon verrig nie."

Prof. dr. J. P. Oberholzer het by die begrafnis soos volg van hom gesê: „Ons dankbaarheid oorstem ons droefheid. Hy het 'n lang pad voltooi: Die eerste produk van ons kerk se eie opleiding, die eerste predikant in ons kerk om die halfeeu in die bediening verby te steek, 'n man wie se spoor oor baie stofpaaie deur Transvaal en Rhodesië lê, met ryke vrug in arbeid en diens, 'n onvervangbare beliggaming van kultuurskatte waarin die Afrikaner sy belewenis, sy sê-goed so goed verbeeld was, 'n prediker wat tot in sy hoë ouderdom 'n kinderlike vreugde in die prediking gevind het en diep gedelf het in die rykdom van Gods Woord, 'n mens wat deur pastorale bewoënheid gedra is wat alle predikante tot voorbeeld kan dien."

Vir skrywer was dit altyd 'n voorreg om by daardie huis te kom om dan weer met nuwe besieling weg te gaan na 'n rukkie in die geselskap van die „familiepredikant". Daarom is dit 'n dankbare voorreg om hierdie huldeblyk te skrywe en die hele familie in gebed te onthou.

Ds. P. M. Smith

Cornelis Egges Mulder

Cornelis Egges Mulder, die vader van wyle prof. dr. E. S. Mulder, wat aanvanklik predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk en daarna professor in die Ou Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria was, is gebore in die provinsie Groningen, Nederland, op 14 Januarie 1863. Hy het aanvanklik „De School voor Meer Uitgebreid Lager Onderwys" te Piteersburen, digby die stad Groningen, bygewoon en toe verder studeer aan „Die Osnabrücker Handelschule" in die naburige Duitsland.

In 1888 het hy na die Zuid-Afrikaansche Republiek verhuis met die voorneme om hom as onderwyser op die Transvaalse platteland te vestig en sodoende 'n bydrae te lewer tot die opvoeding en onderwys van die kinders van die stamverwante Boerevolk, wat vanaf die Eerste Vryheidsoorlog die simpatie van die Nederlanders opgewek en hul verbeelding aangegryp het.

Ds. (later professor) en mev. E. S. Mulder toe 'n hele lewe van werk nog voor gelê het.

Met sy koms na die Zuid-Afrikaansche Republiek het die vyf en twintigjarige jongman nie beskik oor 'n Nederlandse onderwysdiploma nie maar as ongesertifiseerde onderwyser sou hy nietemin deeglike en gewaardeerde werk as onderwyser in 'n hele aantal plaasskole verrig. In die inspekteursverslae van die tagtiger- en negentigerjare is daar telkens ten opsigte van die „orde, toon en aard van onderwys" berig dat dit „goed" of „vry goed" was, terwyl die meeste skoolvakke

met heel beperkte skoolmiddele en in beknopte skoollokale op 'n bevredigende wyse onderrig is, behalwe taalkunde waaroor die inspekteurs ongunstige verslae ingestuur het. Die onderrig van Bybelkennis en Kerkmusiek was egter op peil. Toe Mulder in 1893 aan die skool op Goedvertrouwen, in die distrik Middelburg werksaam was, het inspekteur J. Hagen in sy inspeksieverslag geskrywe: „De onderwyzer is een yverig man", terwyl inspekteur T. C. Stoffberg in die loop van die vierde kwartaal van 1896, toe Mulder as hoof van die eenmanskool op Sukkelaar in die destydse distrik Standerton werksaam was, verslag gedoen het dat, afgesien van die feit dat taalkunde en vaderlandse geskiedenis „voor verbetering vatbaar zýn, verkeert deze school overigens in bloeienden toestand" en dat Mulder bygevolg aanbeveel word vir 'n „Honorarium voor Verdienste Lager Onderwys". Dié honorarium wat destyds £20 (tans R40,00) bedra het, is toe ook op aanbeveling van inspekteur Stoffberg aan die verdienstelike onderwyser en skoolhoof toegeken. In daardie jare was die toekenning van so 'n honorarium 'n welverdiende prestasie, wat jaarliks net aan 'n klein aantal uitgesoektes toegeken is.

Cornelis Egges Mulder het sy onderwysloopbaan in die Zuid-Afrikaansche Republiek in 'n gesubsidiëerde plaasskooltjie op Oogjesfontein in die Oos-Transvaalse Hoëveld begin en was daarna agtereenvolgens werksaam op Balmoral, Goedvertrouwen, Onspoed, Branddrift, vanaf 7 September 1891, Balmoral, vir 'n tweede keer, Boesmankrans, 1893, Goedvertrouwen, vir 'n tweede keer, tweede kwartaal 1893, Salpeterkrans, vanaf 1 Oktober 1894, Klipfontein, Salpeterkrans, vir 'n tweede keer, Sukkelaar, 1895, en vir 'n tweede keer vanaf 1 April 1896. Nadat hy vir 'n tyd lank weer 'n keer op Salpeterkrans skoolgehou het, was hy teen die einde van 1897 terug as hoof van die skool op Sukkelaar. Vandaar is hy na die skool op Palmietfontein tot met die aanvang van die Tweede Vryheidsoorlog. Hy het by die Boeremagte aangesluit en as lid van die Bethal-kommando het hy onder aanvoering van genl. Louis Botha op 'n dapper en vreeslose wyse 'n aandeel gehad in die verdediging van sy aangenome vaderland.

In 1897 is hy op drie en dertigjarige leeftyd in die landdroskantoor van Standerton deur landdrosklerk Van Veen in die huwelik bevestig met Elzabe Johanna van Rheede van Oudtshoorn, die oudste dogter van die oue heer S. I. van Rheede van Oudtshoorn van die plaas Sukkelaar. Die familieverhaal dat Ig. 'n afstammeling sou gewees het van die Kaapse Goewerneur, baron Van Rheede van Oudtshoorn is egter nie juis nie.

Na die Tweede Vryheidsoorlog het Mulder 'n C.N.O.-skool op die plaas Sukkelaar opgerig. Vandaar is hy na die plaas Topfontein, waar hy met groot inspanning en bekwame leiding 'n C.N.O.-skool in stand gehou het tot in Oktober 1907 toe dit 'n goewermentskool onder die Smuts-wet geword het. In die jare daarna was hy eers as hoof van die skool op Mooifontein werksaam en daarna op „De Krans", in die distrik Bethal, waar sy kinders, onder andere Egge Simon Mulder, gebore op 13 Augustus 1905, ook skoolgegaan het, en veral baie baat gevind het by die deeglike onderrig van Bybelgeskiedenis deur hul vader.

In Desember 1924 het hy met pensioen afgetree en hom as boer op die plaas Sukkelaar gaan vestig. In 1927 het hy egter ernstig begin siek word en na 'n lang lyding is hy op 21 Maart 1928 op sy plaas, digby Sukkelaar-stasie, oorlede. Meer as driehonderd mense het sy begrafnis op 23 Maart bygewoon, waaronder meer as vyftig van sy oud-leerlinge. Komdt. Engelbrecht het as koster opgetree. Hy het 'n weduwee en ses kinders nagelaat. Volgens 'n koerantberig was hy voor sy dood net oor een ding bekommerd en dit was die toekoms van sy veelbelowende seun, Egge, wat destyds 'n Hervormde teologiese student aan die ou T.U.K. was. Familie en vriende sou egter toesien dat die seun sy studies sonder geldelike en ander bekommernisse kon voltooi. Na 'n suksesvolle studieloopbaan en 'n ewe suksesvolle en geseënde werk as predikant in verskillende gemeentes van die Hervormde Kerk, sou die twee en twingtigjarige seun oor wie die ou heer Mulder voor sy dood so bekommerd was, mettertyd as professor in die Ou Testamentiese Wetenskap, as dekaan van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria en as Bybelvertaler 'n besondere bydrae tot ons kerklike lewe, die universitêre studie van Hebreeus en die teologiese wetenskap lewer.

Volgens die getuienis van Theo. Jooste, kollega en buurman, in 'n koerant van destyds, was Cornelis Egges Mulder as onderwyser minsaam in die omgang en het hy 'n sterk invloed op sy leerlinge uitgeoefen. Daarby was hy 'n stille werker wat met almal in vrede en vriendskap gelewe het. In „Die Volkstem" van 29 Maart 1928 het J. C. Marnewick na die oorledene verwys as 'n „stoere vegter op onderwysgebied", 'n „opvoeder van twee geslagte, 'n opvoeder in die ware sin van die woord, 'n voorbeeldige, stilwerkende Kristen en ware patriot van sy aangenome vaderland". Hy het bygevoeg dat sy lewe een van opoffering en volharding was en voorts sy patriotisme, vriendskap, inbors en idealisme in herinnering geroep.

H. M. Rex

Lodewicus T. Steyn

Wyle Lodewicus Theodorus Steyn is op 10 Desember 1899 te Riversdal, K.P. gebore. Nadat hy hom as onderwyser, te Heidelberg, Transvaal, bekwaam het, lê hy in 1929 geloofsbelydenis af by ds. T. F. J. Dreyer in Standertongemeente. In Oktober 1929 aanvaar hy 'n onderwyspos by die Lennoxkraalskool in die Rustenburg-distrik, en in 1932 word hy hoof van hierdie skool.

L. T. Steyn.

Op 13 Desember 1930 is hy getroud met Cornelia Maria Pienaar, dogter van wyle oudl. Swart Kootjie Pienaar uit Ruskoppies se wêreld. Uit hulle huwelik is daar 'n seun en 'n dogter gebore.

In Maart 1936 verwerf hy die B.A.-graad van die Universiteit van S.A.: In Januarie 1938 begin hy as onderwyser aan die Hoërskool Rodeon op Zwartruggens, en dien as ouderling onder di. P. J. Booysen en J. J. Engelbrecht, en word hy ook verantwoordelik gehou vir die kategese.

In Januarie 1948 word hy bevorder tot vise-hoof van die Eendragskool in Germiston. Tot 1967 was hy hier superintendent van kategese, en was hy ook die siel van die jeugvereniging. Die grootste deel van sy lewe, het hy gewy aan die opvoeding, en hy het talle volwassenes gehelp om te matrikuleer. Vir 10 jaar lank, het hy aandklasse gegee aan die Tegniese Skool te Germiston.

Vandat die Hoër Handelskool Op 't Hof ontstaan het, het hy daar klas gegee, totdat hy in Desember 1968 weens swak gesondheid finaal uit die diens getree het. In Oktober 1969 het hy en sy vrou na Zeerust verhuis. Op 29 Mei 1971 is hy in die J. G. Strydom-hospitaal oorlede, na 'n bitter lyding. Op 2 Junie 1971 is hy deur 'n oud-leerling van hom, ds. Koos Naudé, op Zeerust begrawe.

Met sy heengaan, het nie net sy vrou en kinders armer geword nie, maar ook ons kerk, en veral die jeug van ons kerk.

Ingestuur.

S. E. Young

Ouderling H. O. Collins

Harry Olferman Collins is op 12 Mei 1912 in die Rustenburg distrik gebore. Sy ouers, Petrus Johannes Collins en Anna Catharina Wilhelmina Coetzee, verhuis na die plaas Doringkloof naby Magaliesburg, waar hy groot word en skool gaan. Hy tree in 1936 in die huwelik met Christina Elizabeth Susana Wilhelmina du Toit, wat weer van Bank, in die toentertydse Krugersdorp distrik, afkomstig was. Hulle het albei in Krugersdorp belydenis van geloof afgelê by ds. P. S. Grobler, wat hulle ook in die huwelik bevestig het. Uit die huwelik is 4 dogters en drie seuns gebore.

H. O. Collins.

Harry Olferman Collins dra die naam van sy grootvader, wat getroud was met Martha Magdalena van Staden, wat welbekend was as mense uit die Hervormde Kerk in Rustenburg, en vanweë die verbintenis met die oorgrootvader wat as die eerste Collins na Suid-Afrika gekom het, Ernest Olferman Collins, die stigter van Nylstroom. Hy was 'n seekaptein wat na die Kaap gekom het en hier getroud is met Emma Eastland, 'n afstammeling van die 1820 setlaars. 'n Uitvoerige artikel oor die familie het in die Almanak van 1966 verskyn, en een oor die verbintenisse met die Rex familie in die Almanak van 1967, albei artikel deur dr. H. M. Rex.

H. O. Collins word in 1945 as diaken in die jong gemeente Randpoort gekies, en in 1956 as ouderling. Altesaam dien hy 24 jaar as kerkraadslid, met enkele onderbrekings. Sy ampstermyn was iets besonders, juis vanweë sy altyd ywerige diens en vurige geaardheid. Hy was nooit rustig en bedaard nie, maar altyd haastig — 'n ware yweraar. Geen wonder dat sy geesdrif vir 'n saak altyd groot was en

baie keer te voortvarend vir sy mede-ampsdraers nie. Hy was nou maar eenmaal so dat hy reaksie gewek het, en dit kon soms probleme veroorsaak.

Deur die jare heen het sy besondere liefde vir die Hervormde Kerk duidelik geblyk. Hy was 'n onvermoeide werker, 'n werklik handige mens wat die gehuiwer het om die moue op te rol en die nodige te doen nie. Daar is in Randpoortgemeente heelwat monumente nagelaat wat na hom heenwys.

Hy was lank katkiseermeester, en ook lid van die finansiële kommissie. Daarbenewens het hy hom altyd 'n groot aantal buitegewone opdragte laat welgeval, ten spyte van die feit dat sy gesondheid soms baie swak was. Hy is dan ook in 1973 oorlede, maar sal nie maklik vergeet word deur hulle wat hom geken het nie.

C. J. Viljoen

Ouderling C. L. v. d. Merwe

Christiaan Lourens van der Merwe is op 18 Desember 1887 gebore op die plaas Leeuwpoort in die distrik Potchefstroom. Hy was die seun van Jacobus Francois van der Merwe en Christina Johanna Sophia Dreyer, laasgenoemde 'n suster van die vader van die bekende tweeling Dreyers, predikante in die Hervormde Kerk. Hy het op Japiesrust skoolgegaan en in die Driejarige oorlog het hy saam met sy moeder-hulle in waens rondgevlug tot dat hulle uiteindelik gevang en na Durban gestuur is.

C. L. v.d. Merwe.

In 1911 tree hy in die huwelik met Anna Magdalena Susanna Kok, 'n dogter van Willem Johannes Jacobus Kok en Cornelia Margaretha Rheeders. Sy was dus weer van die bekende Kok familie van Doornfontein in die distrik Randfontein. Die twee susters van bogenoemde W. J. J. Kok was getroud met die bekende tweeling in Hervormde kerkkringe, oom Hennie en oom Coenie van der Merwe. Na hulle troue woon hulle ook op die plaas Doornfontein naby Rodora, en daar is vir hulle vyf kinders gebore en agtien kleinkinders.

Oom Chris had 'n bedrywige kerklike lewe, sowel as 'n dienstydperk op verskillende kommissies en rade buite die kerk. Laasgenoemde werksaamhede het hy altyd so verrig dat elkeen duidelik besef het dat hy sy buitekerklike aktiwiteite steeds as **kerkmens** verrig het.

Sy openbare werksaamheid as ouderling begin in Krugersdorp-gemeente in 1935. Daarvandaan dien hy onafgebroke tot met die afstigting na Randpoort in 1939. Daar dien hy tot met sy dood in 1969.

Hy het as 'n leierfiguur na vore getree soos blyk uit die feit dat hy talle kere as afgevaardigde na Algemene Kerkvergaderings gegaan het, en ook as 'n secundus-lid op die Algemene Kommissie gekies is, alwaar dit toe so gekom het dat hy ook moes sitting neem. Sy besondere eienskappe kom ook na vore in sy werk op die Ringsvergaderings waar hy onafgebroke lid van die Ringskommissie word van die Ring van Zeerust in 1938, en die dienstyd voortsit in die Ring van Krugersdorp, Randpoort en daarna de Ring van Losberg tot 1966.

Hy het op die beheerraad van die Monument Hoërskool in Krugersdorp gedien, asook vir 49 jaar op die skoolkomitee van Rodora — as voorsitter daarvan. 'n Jaar voordat hy daar 'n halfeeu van dien kon lewer, het hy, reeds in hoë ouderdom, nie weer die paal gehaal tydens 'n verkiesing nie. Hy was stigterslid van die Rodora-feeskomitee, (dien ook daar 'n paar dekades) was 'n lid van die Weëraad en 'n vrederegter vir sy omgewing.

Hy word veral onthou as 'n lankmoedige mens, by uitnemendheid geskik om vrede te stig en vrede te bewaar. Met groot geduld kon hy moeilike mense en moeilike situasies hanteer, op so 'n wyse dat die kerk en gemeente die minste skade aangedoen sou word. Sy liefde vir die kerk en sy vaderland was welbekend.

Hy rus, met sy eggenote wat hom in 1966 ontval het ,in die geskiedkundige kerkhof op Doornfontein.

C. J. Viljoen

Ouderling S. A. van Emmenes

Wyle ouderling Stephanus Andries van Emmenis is op 22 Augustus 1906 te Ngare Olmotonni in die distrik Arusha, Tanganjika (tans Tanzanië) gebore, waar sy ouers hulle in 1905 gaan vestig het, nadat hulle uit Bronkhorstspruit se wêreld daarheen verhuis het. In die eerste Afrikaanse skooltjie (waarvan die ‚gemoderniseerde' gebou in die vyftigerjare nog gestaan het), op sy geboorteplek, het hy op dertienjarige leeftyd begin skoolgaan as leerling van mnr. Ben van Wyk.

S. A. van Emmenes.

Laasgenoemde was een van die Afrikaanse onderwysers wat hom na die Eerste Wêreldoorlog in Oos-Afrika gaan vestig en later in Kenia geboer het. Hy lewe nog (in 1975) en bevind hom in een van die ouetehuise in Pretoria.

„Oom Faan" is op 1 Februarie 1927 getroud met Maria (tant Raai) Venter, 'n dogter van 'n lid van die heel eerste trek van Afrikaners na Oos-Afrika, wat hulle in Desember 1904 te Oldonyo Sambu aan die voet van die Meruberg gevestig het, en die omgewing Kampfontein genoem het. Uit hulle huwelik is sewe kinders gebore van wie ses in die lewe gebly het, en wat hulle tans met hulle gesinne, soos hulle moeder, in die Transvaal bevind.

In die vyftigerjare was hy een van 'n handjievol Afrikaners wat in die vrugbare Oljoro-vallei suid van Arusha geboer het, waar hulle, op landbougebied, na die Tweede Wêreldoorlog een van die dawerendste monumente vir Boere-vindingrykheid en -deursettingsvermoë tot stand

gebring het wat Afrika aanskou het. In November 1963 het hy as welvarende man 'n ongekroonde maar universeel (en „internasionaal") erkende en geliefde vors in 'n onbegrensde en ongerepte gebied, op 'n oggend teen ligdag die sleutel in die voordeur van sy huis gedraai met sy vrou in 'n Peugeot 404 geklim, en met wat hy verder daarin kon laai, suidwaarts „huistoe" in die pad geval.

Hy het sy laaste jare in die omgewing van Cullinan deurgebring waar hy op 6 Junie 1971 oorlede is en 3 dae later se Bronkhorstspruit begrawe is.

Faan van Emmenis wat 'n man van formaat, 'n Boere-aristokraat as daar ooit een was, met ongelooflike staal in sy liggaam, onvergelyklike helderheid in sy gees, en onvergeetlike teerheid in sy hart. Hy is dit alles en veel meer as wat my arme woorde kan meedeel, gemaak enkel en alleen deur die skeppingskrag van die Woord van God. In hom het weinig meer as dit ingegaan en uit hom het uitgestraal „alles wat goed, wat edel, alles wat lieflik, alles wat loflik is . . ."

Die laaste 20 jaar van sy lewe het hy die kerk as ouderling gedien en in die hoedanigheid was ek een van die paar bevoorregte predikante wat aan sy voete kon sit. Om hom te kon ken, was en is en bly 'n onuitputlike bron van geestelike verryking, veel meer as die uitputtendste assosiasie met baie geleerdheid.

Sy nagedagtenis verdien om in ere gehou te word.

Mossie van den Berg



LETTERE EN WYSBEGEERTE

WIS- EN NATUURKUNDE

LANDBOU-WETENSKAPPE

REGSGELEERDHEID

TEOLOGIE

EKONOMIESE EN STAATSWETENSKAPPE

OPVOEDKUNDE

GENEESKUNDE

TANDHEELKUNDE

INGENIEURSWESE

VEEARTSENYKUNDE

Landsbehoeftes is vir die UNIVERSITEIT VAN PRETORIA Studieterreine en Navorsingsvelde . . .



Vandaar dat die Universiteit met sy 11 fakulteite en 133 departemente steeds op die voorpunt staan met die verskaffing van opleiding op terreine wat vandag vir Suid-Afrika van belang is soos byvoorbeeld:-

- **Bedryfsadministrasie**
- **Bemarking**
- **Bestuursrekeningkunde**
- **Internasionale Politiek**
- **Landskapargitektuur**
- **Mikro-Elektronika**
- **Perdefisiologie**
- **Rekenwetenskap en Waterbenuttingsingenieurswese**

Dit is reeds 52 jaar dat die Universiteit aan sy Buitemuurse Afdeling kursusse, in alle opsigte gelykwaardig aan die van Binnemuurs, in 'n verskeidenheid studierigtings aanbied vir diegene wat bedags werk en nauurs 'n volwaardige kursus wil volg. Ewe-eens word nauurse kursusse by die hoofgeboue in die natuurwetenskaplike rigtings aangebied.

Voorsiening word gemaak vir huisvesting vir mans en dames in moderne koshuise.

nadere besonderhede: DIE REGISTRATEUR

DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

nhw

Drukkers en Litografeerders

DIT IS U KERK SE EIE DRUKKERY

Nederduitsch Hervormde Weeshuispers
Posbus 18061, Hercules 0030
Telefoon 77-2188/9

Drukkery:
Ou Lady Selbourne Skoolgebou,
Suiderberg, Pretoria

Genesing, onderdrukking en

VERLIGTING VIR 'N HOES

Van enige aard

CAREY SE BALSEM

Geen medisyne kas behoort sonder
Carey se Balsem
te wees nie.
(Kinders hou van die smaak)

van u apteker teen
55c en R1.05

Alleen S.A. Agente:

CAREY SE KRUKMERK MEDISYNE (EDMS) BPK.,
Bus 177 Krugersdorp

SEER OË BENODIG

CAREYE OOGDRUPPELS

Die onmiddellike strelende oogmedisyne is ontwerp volgens 'n nuwe isotoniese formule.

CarEye
Oogdruppels,
van u apteker teen
45c en 75c

Alleen
S.A. Agente

Carey se Krukmerk Medisyne (Edms) Bpk.,
Bus 177,
Krugersdorp.

TELEFOON 3-6417

ONDERSTEUN U EIE BOEKHANDEL

HAUM

PAUL KRUGERSTRAAT 480
POSBUS 460
PRETORIA 0001

KALENDER

1976 1976

JANUARIE

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	—	1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31
—	—	—	—	—	—	—

FEBRUARIE

S	M	D	W	D	V	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	—	—	—	—	—	—
—	—	—	—	—	—	—

MAART

S	M	D	W	D	V	S
—	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30	31	—	—	—
—	—	—	—	—	—	—

APRIL

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	—	1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	—
—	—	—	—	—	—	—

MEI

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	—	—	—	1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31	—	—	—	—	—

JUNIE

S	M	D	W	D	V	S
—	—	1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30	—	—	—
—	—	—	—	—	—	—

JULIE

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	—	1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31
—	—	—	—	—	—	—

AUGUSTUS

S	M	D	W	D	V	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30	31	—	—	—	—
—	—	—	—	—	—	—

SEPTEMBER

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30	—	—
—	—	—	—	—	—	—

OKTOBER

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	—	—	1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31	—	—	—	—	—	—

NOVEMBER

S	M	D	W	D	V	S
—	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30	—	—	—	—
—	—	—	—	—	—	—

DESEMBER

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30	31	—
—	—	—	—	—	—	—

KERKLIKE EN ANDER GEDENKDAE – 1976

Nuwejaarsdag	1 Januarie
Eerste Lydensweek	29 Februarie
Tweede Lydensweek	7 Maart
Derde Lydensweek	14 Maart
Vierde Lydensweek	21 Maart
Vyfde Lydensweek	28 Maart
Sesde Lydensweek	4 April
Van Riebeeckdag	6 April
Sewende Lydensweek	11 April
Dankdag vir die oes	11 April
Goeie Vrydag	16 April
Paassondag	18 April
Hemelvaartsdag	27 Mei
Republiekdag	31 Mei
Pinkstersondag	6 Junie
Bartholomeusnag	24 Augustus
Setlaarsdag	6 September
Biddag vir die gesaaides	10 Oktober
Krugerdag	10(11) Oktober
Hervormingsondag	31 Oktober
Eerste Adventsweek	28 November
Tweede Adventsweek	5 Desember
Derde Adventsweek	12 Desember
Geloftedag	16 Desember
Vierde Adventsweek	19 Desember
Kersdag	25 Desember
Oujaarsdag	31 Desember

JANUARIE 31 DAE

Dag van die Week	Dag van die Maand	MAANSVERANDERING			Sons Opg.	Sons Ond.
		NUWEMAAN	1	16h40		
		EERSTE KWARTIER	9	14h40		
		VOLMAAN	17	06h47		
		LAASTE KWARTIER	24	01h04		
		NUWEMAAN	31	08h20		
D	1	Verskyning Almanak 1907; H. P. Wolmarans 4de prof., 1938			05h20	19h04
V	2	Oorgawe, Jameson en vryburgers, 1896			05h21	19h04
S	3	Di. Postma, Van der Hoff op Rustenburg 1859			05h21	19h04
S	4	Kommando teen Dingaan, 1840			05h22	19h04
M	5	Grondwet, Z.A. Rep., deur Volksraad ontvang, 1857			05h22	19h05
D	6	Beëdiging pres. Pretorius; Vierkleur gehys, Potchefstroom, 1857			05h23	19h05
W	7				05h23	19h05
D	8				05h24	19h05
V	9	Postma, V.d. Hoff tree saam op, Nagmaalsdiens, 1859			05h25	19h05
S	10	Ds. Postma geb. Dokkum, 1818; Afskeiding Geref. Kerk, 1859			05h25	19h05
S	11				05h26	19h05
M	12	Ds. J. van Arckel, eerste Kaapse pred., oorl. 1666			05h27	19h05
D	13	Ds. Stucki vertrek van Kaapstad na Natal 1847			05h28	19h05
W	14				05h28	19h05
D	15	Bevestiging ds. De Vries, eerste vaste pred., Ned. Herv. Gem. Zeerust, 1876			05h29	19h05
V	16	A. W. J. Pretorius, Owen en Hogge by Sandrivier, 1852			05h30	19h05
S	17	Sandrivier-konvensie gesluit, 1852			05h31	19h04
S	18	Eerste Gekomb. Kerkvergadering, Kaap, 1746			05h32	19h04
M	19	Kaap word finaal Engelse kolonie, 1815			05h32	19h04
D	20	P. J. Joubert, komdt.-genl., Z.A. Rep. geb. 1831			05h33	19h04
W	21	Stigting, Rustenburg-gemeente, 1850			05h34	19h03
D	22				05h35	19h03
V	23				05h36	19h03
S	24	Slag van Spioenkop, 1900			05h37	19h02
S	25	Kuratorium besluit tot vestiging van Teol. Fakulteit, T.U.K., 1917			05h38	19h02
M	26	Ds. Stucki op pad na Natal ter see oorl., 1847			05h38	19h02
D	27	Ds. Begemann as pred. van Pretoria bevestig, 1861			05h39	19h02
W	28	Mev. Josina van Warmelo op Schoemansdal oorl., 1865			05h40	19h01
D	29	Holl. taal in Kaapse geregshowe belet, 1824			05h41	19h01
V	30				05h42	19h01
S	31				05h42	19h00

FEBRUARIE 29 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand				Opg.	Ond.
		EERSTE KWARTIER	8	12h05		
		VOLMAAN	15	18h43		
		LAASTE KWARTIER	22	10h16		
S	1				05h43	19h00
M	2				05h44	18h59
D	3	Genl. Christiaan de Wet oorl., 1922			05h45	18h59
W	4	Retief-Dingaan Traktaak onderteken, 1838			05h45	18h58
D	5				05h46	18h58
V	6	Ds. J. J. Kühn, eerste pred. in Pretoria opgelei, oorl., 1937			05h47	17h57
S	7				05h47	18h57
S	8	Voortrekkers stel eerste Kerkraad in, 1837			05h48	18h56
M	9				05h49	18h55
D	10	Stigting, Geref. Kerk op erf Nr. 4 Rustenburg, 1859			05h50	18h54
W	11				05h50	18h54
D	12	Ds. C. W. du Toit oorl., 1932			05h51	18h53
V	13	Grondwet, Z.A. Rep., deur Volksraad aanvaar, 1858			05h52	18h52
S	14	Stigting van die Republiek Natalia, 1840			05h52	18h52
S	15				05h53	18h51
M	16				05h53	18h50
D	17	Voortrekkerlaer by Moordspruit uitgemoor, 1838			05h54	18h49
W	18	Marten Luther oorlede, 1546			05h54	18h49
D	19				05h55	18h48
V	20				05h56	18h47
S	21	Ds. C. W. du Toit, geb. 1842; „Ek is in 1842 gedoop in die Kaapse Kerk toe die naam nog Nederduitsch Hervormd was"			05h56	18h46
S	22	Eerste kerkgebou van Pretoria op Kerkplein ingewy, 1857			05h57	18h45
M	23	Eerste Kerkraad, Potchefstroom-gem. deur Volksraad benoem, 1842			05h58	18h45
D	24	Kerkgebou op Potchefstroom ingewy 1866			05h59	18h44
W	25	Kerkgebou Ned. Herv. Gem. Pretoria (Du Toitstraat) ingewy, 1905			05h59	18h43
D	26				06h00	18h42
V	27	Oorwinning van Boere oor Britse veroweraar, Majuba 1881			06h00	18h41
S	28	Ds. P. W. van Drimmelen in Humpata oorlede, 1919			06h01	18h40
S	29				06h01	18h39

MAART 31 DAE

Dag van die			MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand					Opg.	Ond.
			NUWEMAAN	1	01h25		
			EERSTE KWARTIER	9	06h38		
			VOLMAAN	16	04h53		
			LAASTE KWARTIER	22	20h54		
			NUWEMAAN	30	19h08		
M	1					06h01	18h39
D	2					06h02	18h38
W	3	H. T. Bührmann word lid Geref. Gem. Rustenburg, 1863				06h02	18h37
D	4	Beëdiging M. T. Steyn as pres. O.V.S., 1896				06h03	18h36
V	5					06h03	18h35
S	6	A. W. J. Pretorius, brief oor predikante en vrye volk, 1847				06h04	18h34
S	7					06h04	18h33
M	8					06h05	18h32
D	9	Slagtersnek, 1816; Vierkleur op Rustenburg gehys, 1857				06h05	18h31
W	10					06h06	18h30
D	11	Lydenburg stig De Republiek Lydenburg in Zuid-Afrika, 1857				06h06	18h29
V	12					06h07	18h28
S	13					06h08	18h27
S	14					06h08	18h26
M	15	Vierkleur op Zoutpansberg-dorp gehys o.l.v. Schoeman, 1858				06h09	18h25
D	16					06h09	18h24
W	17	Prof. Jan H. J. A. Greyvenstein gebore, 1878				06h10	18h23
D	18	Sandrivier-konvensie in Volksraadsaal, Rustenburg bekragtig, 1852				06h10	18h22
V	19					06h11	18h21
S	20					06h11	18h20
S	21					06h12	18h19
M	22					06h12	18h18
D	23	Eerste kerkraadsverg., N.G. Gem. Pienaarsrivier (Pta.), 1867				06h12	18h16
W	24	Teologiese Vereniging Van der Hoff gestig, 1924				06h12	18h15
D	25					06h13	18h14
V	26	Potchefstroom-gem. deur eerw. Lindley gestig, 1842				06h13	18h13
S	27	Eerste doopbeleiding deur eerw. Lindley, Tvl., 1842				06h14	18h12
S	28					06h14	18h11
M	29	Manifes, Smith: redes — anneksasie van Trans-Oranje, 1848				06h15	18h10
D	30					06h15	18h09
W	31					06h16	18h08

APRIL 30 DAE

MAANSVERANDERING

EERSTE KWARTIER 7 21h02
VOLMAAN 14 13h49
LAASTE KWARTIER 21 09h14
NUWEMAAN 29 12h20

Dag van die Week	Maand		Sons Opg.	Ond.
D	1	Stiging Teol. Fak., T.U.K., 1917; Lindley pred. Voortrekkers, 1841	06h16	18h07
V	2	Dr. S. P. Engelbrecht, professor, Teol. Fak., T.U.K., 1921	06h17	18h06
S	3		06h17	18h05
S	4	Lydenburg aanvaar Grondwet, Z.A. Rep.: word distrik, 1860	06h18	18h04
M	5		06h18	18h03
D	6	Van Riebeeck en handjievol koloniste land in Tafelbaai, 1652	06h19	18h02
W	7	Aanvangspunt, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1652	06h19	18h01
D	8		06h20	18h00
V	9		06h20	17h59
S	10		06h21	17h58
S	11	Ds. Dirk Postma neem afskeid in Kampen, Ned., 1858	06h21	17h57
M	12	Z.A. Rep. deur Engeland geannekseer, 1877	06h22	17h56
D	13		06h22	17h55
W	14	Ds. Dirk v.d. Hoff vertrek vanaf Kaapstad na Transvaal, 1853	06h23	17h54
D	15		06h23	17h53
V	16		06h24	17h52
S	17	Ds. M. J. Goddefroy aanvaar sy emeritaat, 1917	06h25	17h51
S	18	Luther voor Ryksdag van Worms; bly trou aan sy gewete, 1521	06h25	17h50
M	19		06h25	17h49
D	20	Brief komdt. Salomon Prinsloo, Vlakfontein, e.a. i/s ds. Begemann, 1868	06h26	17h48
W	21	Ds. Van Warmelo oorl., slagoffer van mislukte Kerkvereniging, 1829	06h26	17h47
D	22	Oudl. Jacob Swart skrywe in Amsterdam oor Voortrekkers, 1840	06h27	17h46
V	23	Kerkraad, Witfontein weier om te verenig, 1886	06h27	17h45
S	24	Oudl. F. G. Wolmarans (ouderling vanaf 1842) oorl., 1872	06h27	17h44
S	25	Brief diak. M. J. Willemse, Volksstem oor „Theologiche School", 1890	06h28	17h44
M	26	Eerste kerkgebou van Rustenburg ingewy, 1851	06h28	17h43
D	27		06h29	17h42
W	28		06h29	17h41
D	29	Aanvang Tweede Dorslandtrek, 1875	06h30	17h41
V	30		06h30	17h40

MEI 31 DAE

Dag van die Week	Dag van die Maand	MAANSVERANDERING	Sons Opg.	Sons Ond.
		EERSTE KWARTIER 7 07h17 VOLMAAN 13 22h04 LAASTE KWARTIER 20 23h22 NUWEMAAN 29 03h47		
S	1		06h31	17h39
S	2	Holl. taal in Kaapse Parlement toegelaat, 1882	06h31	17h39
M	3	Cachet tot N.G. Kerk-predikant in Ladysmith bevestig, 1863	06h32	17h38
D	4		06h32	17h37
W	5	Ds. A. J. Barger, skrywer van „Kort Begrip" oorl., 1940	06h33	17h36
D	6	Dirk van der Hoff tot evangeliebediening toegelaat, 1840	06h33	17h36
V	7	Engelse weier dat prop. P. Ham in Port Natal land, 1843	06h34	17h35
S	8		06h35	17h34
S	9	Kruger beëdig as Staatspresident van die Z.A. Rep., 1883	06h35	17h34
M	10		06h36	17h33
D	11	Laaste kerkraadsverg., N.G. Gem. Pienaarsrivier (Pta.), 80 lidmate, 1885	06h36	17h32
W	12	Eerste nagmaalsviering aan die Kaap, 1662	06h37	17h31
D	13	Opening van Konsilie van Trente: Roomse vs. Protestantse leer, 1545	06h37	17h31
V	14		06h38	17h30
S	15	„De Hervormer" verskyn weer en van toe af permanent, 1909	06h39	17h30
S	16		06h39	17h29
M	17	Prof. Barend Gemser gebore, 1890	06h40	17h29
D	18		06h40	17h29
W	19	Brief in „Volk Stem" getuig van geestelike swaard-dreigement van Smith, 1894	06h41	17h29
D	20		06h41	17h28
V	21	Erasmus Smit as Voortrekker-predikant bevestig, 1837	06h42	17h28
S	22	Di. Postma en Van Heyningen verlaat Nederland, 1858	06h42	17h28
S	23	Die Volkstem oor ds. Bosman se aandeel, inswering Shepstone, 1877	06h43	17h27
M	24	Ds. V.d. Hoff breek sy been op ampsreis, 1855	06h43	17h27
D	25	Prop. V.d. Hoff trou met Anna Maria van Otterloo, 1845	06h44	17h26
W	26	Duitse keiser veroordeel Luther en sy aanhangers, 1521	06h44	17h26
D	27	Aankoms V.d. Hoff op Potchefstroom, 1853; Sterfdag Calvyn, Geneve, 1564	06h45	17h25
V	28	Ds. V.d. Hoff herdenk sy 25-Jarige ampsbediening in Tvl., 1878	06h45	17h25
S	29	Sinode van Dordrecht afgesluit, 1619	06h45	17h25
S	30	Eerste Uniale Ministerie gevorm met genl. Botha as Eerste Minister en genls. Hertzog en Smuts as lede van die Kabinet, 1910	06h46	17h24
M	31		06h46	17h24

JUNIE 30 DAE

Dag van die Week	Maand	MAANSVERANDERING	Sons Opg.	Ond.
		EERSTE KWARTIER 5 14h20 VOLMAAN 12 06h15 LAASTE KWARTIER 19 15h15 NUWEMAAN 27 16h50		
D	1	Dr. B. Gemser, professor, Teol. Fak., T.U.K., 1926	06h47	17h24
W	2		06h47	17h24
D	3		06h48	17h23
V	4		06h48	17h23
S	5	Derde Alg. Kerkverg. Botsing tussen ds. V.d. Hoff en Smellekamp wat lei tot kerklike skeuring en afskeiding van Lydenburg, 1854	06h48	17h23
S	6	Ds. V.d. Hoff se eerste kerkraadsvergadering in Tvl., 1853; Humpatagem. (Portugees-Wes-Afr.) gestig o.l.v. ds. Van Drimmelen, 1910	06h49	17h23
M	7	Oud-pres. Reitz volg dr. Leyds op as Staatsekr., Z.A. Rep., 1898	06h49	17h23
D	8	Eerste Alg. Kerkverg. ná Tweede Vryheidsoorlog byeen, 1903	06h50	17h23
W	9		06h50	17h23
D	10		06h51	17h23
V	11		06h51	17h23
S	12	Stigting Ned. Herv. Gem. Zeerust deur Komm. van die Alg. Kerkvergadering goedgekeur, 1871	06h51	17h23
S	13		06h52	17h23
M	14		06h52	17h23
D	15	Ds. Van Warmelo georden; eerste pred. in Tvl. gelegitimeer deur Komm. van die Alg. Kerkverg. en georden deur di. V.d. Hoff, Begemann en Smits, 1864	06h52	17h24
W	16		06h52	17h24
D	17		06h53	17h24
V	18	Ds. F. S. du Toit van Ventersdorp oorlede, 1914	06h53	17h24
S	19		06h53	17h24
S	20	Komdt. Salomon Prinsloo van Bronkhorstspruit oorlede, 1892	06h54	17h24
M	21		06h54	17h25
D	22		06h54	17h25
W	23	Instelling van Tweede Volksraad, Z.A. Rep., 1890; Ds. L. E. Brandt oorlede, 1939	06h54	17h25
D	24	Oudl. J. C. (Oom Hansie Meerkat) Coetzee van Zeerust oorlede, 1933	06h55	17h26
V	25	Leipzigse Dispuut tussen Luther en dr. Joh. van Eck, 1519	06h55	17h26
S	26	Ds. Cachet ontmoet Komm. van die Alg. Kerkverg. op Rustenburg, 1865	06h55	17h26
S	27		06h55	17h27
M	28	Ds. A. J. Begemann aanvaar sy emeritaat 1872	06h55	17h27
D	29	Eerste Kaapse Parlement geopen, 1854	06h55	17h27
W	30	Ds. Van Warmelo op Schoemansdal deur ds. Smits bevestig, 1864	06h56	17h27

JULIE 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand				Opg.	Ond.
		EERSTE KWARTIER	4	19h28		
		VOLMAAN	11	15h09		
		LAASTE KWARTIER	19	08h29		
		NUWEMAAN	27	03h39		
D	1	Beëdig pres. Thomas F. Burgers, 1872			06h56	17h28
V	2				06h56	17h28
S	3	Natalse owerheid stel F. L. Cachet as predikant N.G. gem. Ladysmith te werk, 1864			06h56	17h28
S	4				06h56	17h29
M	5	Engels vervang Hollands as amptelike taal van Kaapkolonie, 1822			06h56	17h29
D	6	Johannes Huss gebore, 1373			06h55	17h30
W	7				06h55	17h30
D	8				06h55	17h31
V	9	Di. Postma en Van Heyningen land in Kaapstad, 1858			06h55	17h31
S	10	Johannes Calvyn geb. te Noyen, Picardië, Noord-Frankryk, 1509			06h55	17h31
S	11				06h55	17h32
M	12	Senator (oudl.) A. D. W. Wolmarans (Oud-L.U.R.) oorlede, 1928			06h55	17h32
D	13				06h54	17h33
W	14				06h54	17h33
D	15	Verlating van Schoemansdal: Kerkgebou, pastorie, skool, huise afgebrand, 1867			06h54	17h34
V	16				06h54	17h34
S	17				06h54	17h35
S	18				06h53	17h35
M	19	Eerste vergadering van die Kuratorium, 1909			06h53	17h36
D	20	Ds. L. G. F. Biccard oorlede, 1900			06h52	17h36
W	21				06h52	17h37
D	22				06h51	17h37
V	23	Komdt.-genl. Pretorius op Grootplaas oorlede, 1853			06h51	17h38
S	24	Afskeid van prof. dr. P. J. Muller, predikant van Pretoria (1904-09), 1909			06h50	17h38
S	25	Prof. Ulrich Lauts, pleitbesorger van Voortrekkers, in Utrecht oorl., 1865			06h50	17h39
M	26	Kerkorde van De Mist aan die Kaap ingevoer, 1804			06h49	17h39
D	27	Prokurasiekommissie gestig o.l.v. A. D. W. Wolmarans, 1890			06h48	17h40
W	28				06h48	17h40
D	29				06h47	17h41
V	30				06h46	17h41
S	31				06h46	17h42

AUGUSTUS 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand				Opg.	Ond.
		EERSTE KWARTIER	3	00h07		
		VOLMAAN	10	01h44		
		LAASTE KWARTIER	18	02h13		
		NUWEMAAN	25	13h01		
S	1	Volksraad in Tvl. as voortsetting Natalse Volksraad, 1845			06h46	17h42
M	2				06h45	17h42
D	3				06h45	17h43
W	4				06h45	17h43
D	5				06h44	17h44
V	6	Ds. V.d. Hoff en oudl. F. G. Wolmarans kom op Rustenburg aan, 1853			06h43	17h44
S	7	Ds. V.d. Hoff hou sy eerste kerkdiens op Rustenburg, 1855			06h42	17h44
S	8	Eerste Alg. Kerkverg. op Rustenburg geopen; Oudl. F. G. Wolmarans voors., 1853			06h42	17h45
M	9	Ds. M. J. Goddefroy oorlede, 1920			06h41	17h45
D	10	Louis Trichardt gebore, 1783; Ds. W. P. J. Poen oorlede, 1937			06h40	17h46
W	11				06h39	17h47
D	12	Komdt. Jan Viljoen, briewe aan J. Blignaut en ds. Cachet, 1868			06h39	17h47
V	13	Aanval van Zoeloe-impi op Veglaer, 1838			06h38	17h47
S	14	Sambok-episode op Kwaggafontein, Marico: Komdt. Viljoen ds. Cachet, 1868			06h37	17h47
S	15	Slag van Thaba Bosigo, 1856			06h36	17h48
M	16				06h35	17h49
D	17	Aankoms, Kaapstad, ds. Van Arckel, eerste vaste predikant deur N.O.I.C. na die Kaap gestuur, 1665			06h35	17h49
W	18	Ds. A. Lagerwey oorlede, 1898			06h34	17h50
D	19				06h33	17h50
V	20				06h32	17h51
S	21				06h31	17h51
S	22				06h30	17h52
M	23	Eerste doopbediening aan die Kaap, 1853			06h29	17h52
D	24	Bloedbruilof van die St. Bartholomeusnag, 1572			06h29	17h52
W	25	Aankoms van eerste Hugenote aan die Kaap, 1688; Genl. Louis Botha oorl., 1919; Ds. Simon Vermooten oorl., 1965			06h28	17h52
D	26	Ingebruikneming van die Afrikaanse Bybel, 1933			06h27	17h53
V	27	Slag van Boomplaas, 1848			06h26	17h53
S	28				06h25	17h53
S	29	Ds. P. A. C. van Heyningen oorlede, 1904			06h24	17h54
M	30	Ds. V.d. Hoff, Kerkraadsverg. Rustenburg: briewe in sake koms van Postma, 1858				
D	31	Kerkraad Lydenburg, dank ds. V.d. Hoff as predikant af; skei af, 1854			06h22	17h55

SEPTEMBER 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING		Sons	
Week	Maand	EERSTE KWARTIER 1	05h35	Opg.	Ond.
		VOLMAAN 8	14h52		
		LAASTE KWARTIER 16	19h20		
		NUWEMAAN 23	21h55		
		EERSTE KWARTIER 30	13h12		
W	1	Z.A. Rep. deur Engeland geannekseer, 1900		06h21	17h55
D	2	Ds. Dirk van der Hoff in Dordrecht geb. 1814		06h20	17h56
V	3	Ds. Daniël Lindley (1801-1880) in Morristown (N.J.) V.S.A. oorlede. Van 1.4.1841 tot in 1848 was hy predikant onder Voortrekkers, 1880		06h19	17h56
S	4	Ds. Cachet kom in Pretoria aan, 1866		06h18	17h56
S	5	Erasmus Smit in Rotterdam as sendeling onder kleurlinge in S.A. ingeseën, 1802		06h17	17h57
M	6			06h16	17h57
D	7	Prof. H. P. Wolmarans gebore, 1894 Stigting Ned. Geref. Gem. Pienaarsrivier dist. Pretoria, o.l.v. ds. Cachet, 1866		06h14	17h58
W	8			06h13	17h58
D	9			06h12	17h59
V	10	Dr. Abr. Faure, Aktuaris Kaapse Kerk kom in Natal aan, 1843		06h11	17h59
S	11			06h10	17h59
S	12	Kerklike hereniging tussen Lydenburg en Ned. Herv. Kerk, 1864		06h09	17h59
M	13			06h08	18h00
D	14			06h07	18h01
W	15	Eerste Volksraad van die Unie van S.A. verkies, 1910		06h06	18h01
D	16			06h05	18h02
V	17	Pres. M. W. Pretorius in dist. Graaff-Reinet geb., 1818		06h04	18h02
S	18			06h03	18h02
S	19			06h02	18h03
M	20	Huweliks-Ordonansie van De Mist aan die Kaap ingevoer, 1804		06h01	18h03
D	21			05h59	18h04
W	22			05h58	18h04
D	23			05h57	18h05
V	24			05h56	18h05
S	25			05h55	18h05
S	26			05h54	18h06
M	27	Genl. Louis Botha gebore, 1862		05h53	18h06
D	28	Volksraad, Z.A. Rep., tref nuwe reëling insake traktemente, 1874		05h52	18h06
W	29			05h51	18h06
D	30	Ds. M. J. Goddefroy te Witfontein deur oudl. C. J. J. Joubert bevestig met hele Transvaal as sy arbeidsveld, 1887		05h50	18h07

OKTOBER 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand				Opg.	Ond.
		VOLMAAN	8	06h55		
		LAASTE KWARTIER	16	10h59		
		NUWEMAAN	23	07h10		
		EERSTE KWARTIER	30	00h05		
V	1				05h49	18h07
S	2	Slag van Vegkop, 1836			05h48	18h08
S	3				05h47	18h08
M	4				05h46	18h09
D	5	Ds. P. W. Ennis verkry eervolle ontslag, 1928			05h45	18h09
W	6				05h44	18h10
D	7	Oudl. D. P. J. (Oom Dirkie) van Schalkwyk van Trichardts oorl., 1911			05h43	18h10
V	8				05h42	18h11
S	9	Ds. Dirk v.d. Hoff op Potchefstroom oorlede, 1881			05h41	18h12
S	10	S. J. P. Kruger gebore, 1825; Univ. van Pretoria kom tot stand, 1930			05h40	18h12
M	11	Ulrich Zwingli sneuwel, 1531			05h39	18h13
D	12				05h38	18h13
W	13	Eerste diamant in Suid-Afrika gevind, 1867			05h37	18h14
D	14				05h36	18h14
V	15				05h35	18h15
S	16	Oudl. D. F. Jacobs deur Natalse Volksraad as ouderling en katkisasiemeester aangestel, 1840; Eerw. Erasmus Smit kom in Kaapstad aan, 1804			05h34	18h15
S	17	Volksraad skrywe aan J. A. Smellekamp insake predikant uit Nederland, 1844			05h33	18h16
M	18				05h32	18h16
D	19	Eerste kerkgebou op Stellenbosch ingewy, 1687			05h30	18h17
W	20				05h29	18h17
D	21	Prof. S. P. Engelbrecht gebore, 1891 Oudl. F. Boshoff van Waterberg oorlede, 1919			05h28	18h18
